

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD

deur

MAGDALENA VAN ZYL

SKRIPSIE

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes van die graad

MAGISTER IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE



in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: DR. A FAUL

Januarie 1999

SUMMARY

White-collar crime has had a significant impact on the economy and the quality of life of all the citizens of this country. The emphasis in addressing this problem has traditionally been on the limitation of risk to commit white-collar crime as well as on the 'typical' characteristics of white-collar offenders. The aim of this study was to understand this phenomenon from a different perspective: the ecosystems that have an influence on the causation and maintenance of white-collar crime.

To determine which ecosystems played a role the researcher interviewed white-collar criminals who had already been convicted, and were serving prison sentences in the Gauteng Province. They were from both sexes, different race groups, different ages and they had committed different types of white-collar crime.

The following ecosystems and subsystems were identified as contributing to causation and maintenance of white-collar crime:

1. the individual: behaviour, emotion and relationships (in general and specific relationships).
2. The bank environment

Opportunity, as an element of all the systems, was also identified as a contributing factor.

The researcher also identified two patterns in which the ecosystems interact. Different white-collar crime processes are indicated through these patterns. The main difference between these patterns is that some people commit the crime because they consider it to be the best solution to problem situation whereas other people commit the crime only because the opportunity to do so, exists.

Most of the findings in the interviews can be confirmed by existing literature although there were some findings for which literature can't indicate a direct relationship.

Recommendations are aimed at addressing the dynamics between the ecosystems as identified by the respondents. The most important aspect to bear in mind is that people do not function in isolation and constantly influence each other. We are co-creators of our reality and can therefore influence our environment by what we contribute to it through interaction and dialogue.



EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1:

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSOMSKRYWING

1.1	INLEIDING.....	1
1.2	PROBLEEMSTELLING.....	2
1.3	DOELSTELLINGS.....	3
1.4	SOSIALE KONSTRUKSIONISME AS PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF..	4
1.5	NAVORSINGSONTWERP EN –METODE.....	4
1.5.1	Navorsingsontwerp.....	4
1.5.2	Navorsingsmetode.....	5
	▫ Persoonlike semi-gestruktureerde onderhoude.....	5
	▫ Data verwerking.....	6
1.5.3	Etiese aspekte.....	6
1.6	BEGRIPSOMSKRYWING.....	7
1.6.1	Witboordjiemisdaad.....	7
1.6.2	Ekosisteme.....	7
1.7	HOOFSTUKINDELING	8

HOOFSTUK 2:

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD: NAVORSINGSONTWERP EN-METODE

2.1	INLEIDING.....	9
2.2	RASONAAL.....	9
2.3	DOELSTELLINGS.....	10
2.4	SOSIALE KONSTRUKSIONISME AS PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF	10
2.4.1	Begrip en interpretasie van die wêreld.....	10
2.4.2	Navorsers/respondent verhouding.....	12
2.4.3	Patologie.....	13
2.4.4	Taal.....	14
2.5	NAVORSINGSONTWERP.....	14
2.5.1	Kwalitatief.....	14
2.5.2	Verkennend.....	15
2.5.3	Beskrywend.....	15
2.5.4	Kontekstueel.....	15
2.6	NAVORSINGSMETODE.....	16
2.6.1	Etiese aspekte.....	17
2.6.2	Steekproef.....	18
2.6.2.1	Steekproefpopulasie.....	18
2.6.2.2	Metode van steekproeftrekking.....	18
2.6.3	Data-insameling.....	19
2.6.3.1	Die persoonlike onderhoud.....	19
2.6.3.2	Komponente van die onderhoudvoeringsprosedure.....	19
2.6.3.3	Kommunikasievaardighede.....	21
2.6.3.4	Veldnotas.....	22
2.6.4	Data-analise.....	23
2.6.5	Literatuurkontrole.....	25
2.7	LEEMTES IN DIE STUDIE.....	25
2.8	SAMEVATTING.....	26

HOOFSTUK 3:

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD: BESPREKING VAN DATA

3.1	INLEIDING.....	27
3.2	IMPLIKASIES VAN DIE SOSIAAL KONSTRUKSIONISTIESE PERSPEKTIEF.....	27
3.3	RESPONDENTE.....	28
3.4	GEÏDENTIFISEERDE EKOSISTEME.....	30
3.4.1	Die Individu.....	31
3.4.1.1	Gedrag van die respondente.....	31
3.4.1.2	Emosies ervaar deur die respondente.....	32
3.4.1.3	Verhoudinge van die respondente.....	34
	~ huweliksverhouding.....	37
	~ verhouding met familie.....	40
	~ verhouding met vriende.....	43
	~ verhouding met kinders.....	45
	~ verhouding met God.....	46
3.4.2	Die Bankomgewing.....	47
3.4.3	Geleenthede.....	52
3.4.4	Geïdentifiseerde patrone.....	55
	◊ Patroon A.....	55
	◊ Patroon B.....	56
	◊ Vergelyking van die twee patrone.....	56
3.5	OPSOMMING VAN DIE INVLOEDE WAT EKOSISTEME GEHAD HET.....	58
3.6	SAMEVATTING.....	61

HOOFSTUK 4:

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJEMISDAAD: 'n BESPREKING VANUIT DIE LITERATUUR

4.1	INLEIDING.....	63
4.2	DIE INDIVIDU.....	63
	4.2.1 Gedrag.....	64
	4.2.2 Emosies.....	65
	4.2.3 Verhoudinge.....	66
4.3	DIE BANKOMGEWING.....	69
4.4	GELEENTHEDE.....	71
4.5	BESPREKING VAN GEïDENTIFISEERDE PATRONE.....	73
4.6	SAMEVATTING.....	74

HOOFSTUK 5:

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJEMISDAAD: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1	INLEIDING.....	75
5.2	GEVOLGTREKKINGS.....	75
5.3	AANBEVELINGS.....	77
	5.3.1 Gedrag van die individu.....	77
	5.3.2 Emosies van die individu.....	78
	5.3.3 Verhoudinge.....	78
	5.3.4 Geleentheid.....	79
5.4	SLOT.....	80
	BRONNELYS.....	81

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSOMSKRYWING

1.1 INLEIDING

Witboordjiemisdaad het 'n besonder negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie en uiteindelik ook die lewe van al die inwoners van hierdie land. In 1996 het witboordjiemisdaad in Suid-Afrika gelei tot 'n verlies van ongeveer 3,8 biljoen rand, aldus die Suid-Afrikaanse Polisie se verslag oor die voorkoms van ernstige misdade in daardie jaar (*Star*, 17 Mei 1997:1).

Witboordjiemisdaad is 'n gevolg van die kapitalistiese, industriële samelewing en kultuur waarin ons leef, waar ontwikkeling en kompetisie voortdurend plaasvind (Coleman 1985:202-205; Norton 1994:12). Binne die kapitalistiese kultuur is sekere organisasies méér blootgestel aan die moontlikheid van witboordjiemisdaad as ander vanweë hul doel, samestelling en funksionering, bv. banke en ander finansiële instellings.

Om witboordjiemisdaad te bestry - ook binne banke - is daar tot dusver grootliks 'n tweeledige aanslag gebruik:

1. Die kontrolering van geleenthede tot die pleeg van witboordjiemisdaad, veral deur middel van risikobestuur. Witboordjiemisdaad sal nie plaasvind indien die geleentheid daartoe nie bestaan nie (Norton 1994:12).

2. Die tipiese ekonomiese oortreder word volgens spesifieke eienskappe geïdentifiseer en word gevolglik vermy (vergelyk Collins & Schmidt 1993:295-310).

In bogenoemde benadering word van die veranderlikes wat 'n rol speel in witboordjiemisdaad oor die hoof gesien, onder andere die ekosisteme wat 'n primêre rol speel in die lewe van die oortreder voor en tydens die pleeg van die misdaad. In dié verband kan die volgende vrae gevra word:

- Binne watter ekosisteme funksioneer die oortreder wat witboordjiemisdaad in die bank pleeg?
- Dra bogenoemde ekosisteme (die bankomgewing ingesluit) by tot die ontstaan en voortsetting van witboordjiemisdaad?

Die doel van die studie is dus om te bepaal wat die oortreder se persepsie is van die ekosisteme waarin hy/sy funksioneer, en hoe dit hom/haar beïnvloed het om die misdaad te pleeg.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Soos reeds vermeld, word daar in die stryd teen witboordjiemisdaad grootliks gefokus op die individu (en die waarskynlikheid dat hy/sy die misdaad sal pleeg)

en tweedens op die geleentheid tot witboordjiemisdaad en die voorkoming daarvan.

In die aanslag teen witboordjiemisdaad het maatskaplike werkers meer insig nodig in die 'groter prentjie' daarvan. Daar is dus behoefte aan die begrip vir ander veranderlikes wat 'n rol speel in die ontstaan en instandhouding van witboordjiemisdaad, waaronder die impak van ekosistemiese veranderlikes.

Vrae wat beantwoord moet word in die studie sluit die volgende in:

1. Watter ekosisteme speel 'n rol in die ontstaan en instandhouding van witboordjiemisdaad vir die oortreders wat hulle misdaad as bank-werknemers pleeg?
2. Op watter wyse dra die ekosisteme by tot die aanvang en instandhouding van witboordjiemisdaad?

1.3. DOELSTELLINGS

Die studie is daarop gerig om te bepaal watter ekosisteme 'n rol speel in die bestaan van witboordjiemisdaad in Suid-Afrikaanse banke. Aangesien maatskaplike werk assesserings en intervensies hoofsaaklik sistemies is, behoort die studie waardevolle inligting oor die hantering en rehabilitasie van

witboordjieoortreders en verwante sisteme te verskaf. Ten einde hierdie doelstelling na te streef word die volgende doelwitte vir die navorsing daargestel:

1. Om te bepaal watter ekosisteme was prominent in die oortreder se lewe voor en tydens die pleeg van die oortreding.
2. Om tot 'n gevolgtrekking te kom met betrekking tot die waarneembaarheid van impak wat die ekosisteme het op die ontstaan / voortsetting van witboordjiemisdad van mense wat sodanige misdad in 'n bank pleeg.

1.4. SOSIALE KONSTRUKSIONISME — AS — PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Sosiale konstruksionisme (as uitvloeisel van die ekosistemiese benadering) is die verwysingsraamwerk waaruit die kwalitatiewe navorsing gedoen word. Dit word volledig bespreek in hoofstuk 2.

1.5. NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

1.5.1 NAVORSINGSONTWERP

'n Kwalitatiewe, verkennende en beskrywende studie wat kontekstueel van aard is, sal onderneem word (Mouton & Marais 1989:51). Deur middel van in-diepte persoonlike onderhoude met gevonniseerde witboordjiemisdadigers, sal hul persepsies van die ekosisteme waarin hulle funksioneer het voor en tydens die pleeg van die misdaad, ontleed word.

Die studie is kwalitatief van aard omdat dit gemoeid is met die eienskappe, kenmerke en kwaliteite van menslike gedrag binne 'n natuurlike konteks (Schoeman & Botha 1991:44).

Die studie is verkennend van aard ten einde nuwe insigte vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering te kry oor die rol van ekosisteme in die ontstaan en voortduur van witboordjiemisdadigheid (Mouton & Marais 1989:43). Dit is beskrywend van aard omdat dit 'n in-diepte beskrywing van witboordjiemisdadigers se belewenis van ekosisteme waarin hulle funksioneer het en die invloed wat dit op hulle gehad het, toelaat (Mouton & Marais 1989:44).

Die studie is kontekstueel aangesien dit spesifiek fokus op werknemergedrag binne Suid-Afrikaanse banke wat plaasvind as 'n resultaat van die werknemer se funksionering in sy/haar ekosisteme.

1.5.2 NAVORSINGSMETODE

▫ **Persoonlike semi-gestruktureerde onderhoude**

Persoonlike semi-gestruktureerde onderhoude sal gevoer word met gevonniseerde witboordjiemisdadigers wat hul oortredings begaan het terwyl hulle werknemers van 'n Suid-Afrikaanse bank was. Onderhoude sal op band opgeneem word, en veldnotas sal geneem word.

▫ **Data verwerking**

Data sal ontleed word nadat die oudioband opnames van onderhoude verbatim getranskribeer is. Data sal verwerk word ooreenkomstig Tesch (in Cresswell 1990:155) se beskrywende analise.

'n Onafhanklike kodeerder sal transkripsies van die bandopnames analiseer aan die hand van protokol vir analise. Die navorser en kodeerder sal geïdentifiseerde temas en kategorieë van analise vergelyk, en gesamentlik besluit oor die plasing van woorde, temas, prioritisering en kwantifisering van data soos uiteengesit deur Kerlinger (1986:479).



'n Literatuurstudie sal uitgevoer word om die unieke bydrae van, sowel as gemeenskaplikhede met, hierdie navorsing vas te stel.

1.5.3 ETIESE ASPEKTE

Die navorsing sal op 'n eerlike wyse geskied en navorsingsresultate so volledig moontlik weergegee word met erkenning aan bydraes van ander. Vertroulikheid en anonimiteit sal verseker word. Ingeligte, skriftelike toestemming sal van deelnemers verkry word. Deelnemers sal beskerm word teen moontlike nadelige gevolge (Schinke in Schoeman & Botha 1991:58).

1.6 BEGRIPSOMSKRYWING



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

1.6.1 WITBOORDJEMISDAAD

Met witboordjemisdaad word bedoel 'n oortreding van die wet deur 'n persoon of groep persone in die loop van 'n andersins gerespekteerde beroep of finansiële aktiwiteit (Coleman 1985:5). Vir die doel van die navorsing sal slegs gefokus word op witboordjemisdaad in Suid-Afrikaanse banke, gepleeg deur 'n werknemer, en wat die werkgever benadeel.

1.6.2 EKOSISTEME

'n Ekosisteem is die konsep van biologiese wetenskap wat verband hou met die omgewing en die interaksie tussen die komponente daarvan (Barker, 1997: 114).

Die ekosistemiese perspektief is 'n konseptuele lens waardeur die sistemiese verbande van veranderlikes waargeneem kan word. Sodoende kan die verbintnisse en kompleksiteit aangedui word (Barker 1997:114).

1.7 HOOFSTUKINDELING



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

In hoofstuk 1 word 'n breë oorsig en oriëntasie tot die studie gegee.

Hoofstuk 2 word gebruik om die navorsingsontwerp en -metode volledig te bespreek.

In hoofstuk 3 word die geïdentifiseerde ekosisteme uiteengesit en in hoofstuk 4 word die bevindinge vergelyk aan die hand van literatuur daaroor.

Hoofstuk 5 bevat 'n gevolgtrekking en aanbevelings op grond van die bevindinge van die studie.

HOOFSTUK 2

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD: NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

2.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is 'n oorsig en oriëntasie tot die beoogde studie beskryf, met verwysing na die probleem, asook die navorsingsontwerp en metode wat gebruik gaan word tydens die studie. In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en -metode meer breedvoerig bespreek.

2.2 RASIONAAL

Maatskaplike werk is ingestel op die interaksie tussen mens en omgewing, en daarom ook op die bevordering van die mens se maatskaplike funksionering. In hierdie navorsing word die interaksie tussen die mens en sy ekosisteme ontleed ten einde te bepaal in watter mate dit bydra tot die veroorsaking/instandhouding van witboordjiemisdaad. Op dié manier word begrip hiervoor verhoog en uiteindelik kan effektiewe metodes om witboordjiemisdaad in banke te bekamp daargestel word.



2.3 DOELSTELLINGS

Die studie is daarop gerig om te bepaal watter ekosisteme in die lewe van die oortreder 'n rol speel in die bestaan van witboordjiemisdaad in Suid-Afrikaanse banke. Kennis hieroor bied addisionele insig aan maatskaplike werkers in die voorkoming, hantering en rehabilitasie van witboordjiemisdaad en die betrokke sisteme. Ten einde hierdie doelstelling te bereik word die volgende doelwitte gestel:

- ◇ Om vas te stel watter ekosisteme was prominent in die oortreder se lewe voor en tydens die oortreding.
- ◇ Om tot 'n gevolgtrekking te kom met betrekking tot die waarneembaarheid van die impak van ekosisteme op die ontstaan en/of voortsetting van witboordjiemisdaad.

2.4 SOSIALE KONSTRUKSIONISME AS PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Sosiale konstruksionisme (as uitvloeisel van die ekosistemiese benadering) is die verwysingsraamwerk waaruit die kwalitatiewe navorsing gedoen word. Dit hou die volgende implikasies vir die navorsing in:

2.4.1 BEGRIP & INTERPRETASIE VAN DIE WÊRELD

Volgens Gergen (1985:267-268) maak sosiale konstruksionisme gebruik van die volgende aannames:

2.4.1.1 Ons kennis van die wêreld is nie gebaseer op die toetsing van hipoteses nie, maar die konsepte wat gebruik word om die wêreld te verstaan is sosiale artefakte, produkte van histories-situasionele uitruilings tussen mense. Die proses waardeur begrip be-werkstellig word is die resultaat van aktiewe samewerking van mense in verhoudings.

2.4.1.2 'n Bepaalde begrip van die wêreld is nie afhanklik van empiriese validasie nie, maar van sosiale prosesse.

2.4.1.3 Beskrywings en verklarings van die wêreld kan gesien word as die samestelling van 'n vorm van sosiale aksie. Objektiviteit word prysgegee - ons lewe nie in 'n 'universe' nie, maar in 'n 'multiverse'. Daar is net soveel beskrywings van die wêreld as wat daar mense is wat dit beskryf! Met ander woorde, geen individu kan ooit 'n totale metaperspektief van die wêreld kry nie. Elke respondent se beskrywing is dus deel van die globale realiteit oor witboordjiemisdad.

2.4.1.4 Hay (1985:50) is van mening dat begrip nie gereduseer kan word tot kennis nie; kennis vorm eerder 'n onderafdeling van begrip, 'n raamwerk vir begrip. Met ander woorde, kennis oor witboordjiemisdad alleen lei nie tot begrip vir die verskynsel nie.

2.4.1.5 Sosiale konstruksionisme is nie gemoeid met 'n lineêre soeke na oorsaaklikheid nie. Dit is 'n sirkulêre proses wat die geheel in terme van sy dele wil verstaan en die dele wil verstaan in terme van die bydrae wat dit maak tot die betekenis van die geheel (Skinner 1985:7).

2.4.1.6 Konsepte, herinneringe en ervarings ontwikkel in sosiale uitruiling en die gemeenskaplike spasie tussen mense. Dit is 'n voortdurende gesprek met betekenisvolle ander waardeur die individu 'n persepsie van persoonlike identiteit ontwikkel (Hoffman in Hamilton 1995:26).


Die implikasie hiervan vir die navorsing is dat die gesprek tussen die navorser en die deelnemer 'n effek op beide se persepsie van realiteit het, en dat hulle ook beide beïnvloed is deur ander sosiale uitruilings. Elke respondent se begrip van die realiteit is uniek. So ook die interaksie tussen die navorser en respondent.

2.4.2 NAVORSER / RESPONDENT VERHOUDING

Die waarnemer vorm deel van die sisteem wat waargeneem word (Tyler 1996:32). Die navorser kan nie onderskei word van dit wat ondersoek word as 'n onafhanklike, bestaande objektiewe realiteit nie, omdat mense nie onderskei kan word van die wêreld van objekte waarin ons funksioneer nie. Ons is reg van die begin af daartussen; ons is binne-in dit én ons hanteer dit (Magee 1988:258).

Tydens die navorsingsproses vorm die navorser dus deel van die deelnemer se interpretasie van die wêreld en die deelnemer deel van die navorser se interpretasie van die realiteit. Een implikasie hiervan is dat dit dus onmoontlik is om enigiets te verstaan of te interpreteer sonder vooroordele en 'n voorafgevoormde verwysingsraamwerk. Ons vooroordele is nie 'n hindernis op ons weg om kennis te verkry nie, maar eerder 'n voorwaarde om kennis te verkry – ons evalueer 'lewens-tekse' in terme hiervan (Outhwaite 1985:25-26).

Die navorser se rol kan vergelyk word met wat Anderson en Goolishian (1988:372) beskou as die terapeut se rol, naamlik 'master conversational artist – an architect of dialogue – whose expertise is in creating a space for and facilitating a dialogical conversation.'



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

2.4.3 PATOLOGIE


Hamilton (1995:17) verwys na Sandberg, Taplin & Tyler (1983) se beskrywing van patologie as komplekse, disfunksionele patrone van interaksie tussen die elemente van 'n ekosisteem. Oorsaaklikheid word dus nie lineêr verklaar nie.

Die navorser het ten doel met die navorsing om begrip te ontwikkel vir die lewens van die geïdentifiseerde 'oortreders' voor en tydens die pleeg van hul misdaad, eerder as om bloot oorsake te identifiseer.

2.4.4 TAAL

Sosiale konstruksionisme fokus op die belang van taal in sosiale uitruiling omdat woorde hul waarde vind in sosiale uitruiling en nie in hul kapasiteit om sosiale realiteit objektief weer te gee nie. Betekenis ontwikkel in individue se gesprekke met mekaar (Gergen & Kaye in Hamilton 1995:25). Menslike aktiwiteit vind plaas in die begrip wat geskep word deur sosiale konstruksie en dialoog (Anderson & Goolishan in Hamilton 1995:25).

2.5 NAVORSINGSONTWERP



Kwalitatiewe, verkennende, beskrywende en kontekstuele navorsing sal gedoen word om die ekosistemiese faktore wat bydra tot die ontstaan en instandhouding van witboordjiemisdad in Suid-Afrikaanse banke te bepaal en patrone te identifiseer (Mouton & Marais, 1989:45).

2.5.1 KWALITATIEF

Kwalitatiewe navorsing fokus op die kwalitatiewe aspekte van menslike gedrag met die doel om te beskryf, te verduidelik, te voorspel en te beheer. Dit word nie bereik deur verbande of oorsaak en gevolg te bepaal nie, maar deur begrip vir die fenomeen – met instandhouding van witboordjiemisdad in Suid-Afrikaanse

banke. Binne 'n holistiese raamwerk poog kwalitatiewe navorsing om die diepte en kompleksiteit van hierdie fenomeen te ontdek (Uys & Basson, 1991:55).

Volgens McCracken (1991:16) het kwalitatiewe navorsing die volgende oogmerke:

- Om kategorieë te isoleer en definieer; en
- Om die impak van die kategorieë te identifiseer.

2.5.2 VERKENNEND

Verkennde studies het ten doel om 'n relatief onbekende terrein te verken (Mouton & Marais 1988:450). In hierdie studie word die fokus geplaas op die witboordjiemisdadigers se belewenis van hul ekosisteme en hoe dit hulle beïnvloed het om die misdaad te pleeg en/of daarmee vol te hou. Alhoewel daar heelwat navorsing al gedoen is oor witboordjiemisdaad, word min klem geplaas op invloede van buite af.

2.5.3. BESKRYWEND

Beskrywende navorsing fokus op die in-diepte beskrywing van 'n spesifieke individu of groep, aldus Mouton & Marais (1988:44). In dié geval sal die klem

val op die witboordjiemisdadiger en die ekosisteme waarbinne hy funksioneer voor en tydens die pleeg van die misdaad.

2.5.4 KONTEKSTUEEL

Hierdie navorsing is kontekstueel, met ander woorde die verskynsel word in terme van die onmiddellike konteks bestudeer (Mouton & Marais 1988:49-50). Die witboordjiemisdadiger se belewenis van die ekosisteme waarin hy/sy gefunksioneer het voor en ten tyde van die pleeg van die misdaad sal ontleed word as deel van die navorsing.

2.6 NAVORSINGSMETODE



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die navorsing sentreer rondom persoonlike, in-diepte, semi-gestruktureerde (die fokus op betrokke ekosisteme en die oortreder se belewenis daarvan) onderhoude met witboordjiemisdadigers ten einde groter begrip te ontwikkel vir die ekosistemiese norme in die omgewing waarin hulle gefunksioneer het voor en tydens die pleeg van hul misdade.

Die volgende sal bespreek word as deel van die navorsingsmetode:

- Etiese aspekte
- Steekproeftrekking

- Data-insameling
- Data-analise
- Literatuurkontrolle

2.6.1 ETIESE ASPEKTE

In die navorsing sal deurgaans gepoog word om die hoogste moontlike standarde toe te pas ten opsigte van die beplanning en implementering van die navorsing en verslaggewing daaroor. Etiese aanvaarbaarheid sluit in:

- Die gehalte van die navorsing

Navorsing sal op 'n eerlike wyse geskied en navorsingsresultate sal so volledig moontlik weergegee word. Erkenning sal verleen word aan bydraes van ander persone (Gilchrist & Schinke in Schoeman & Botha 1991:58).

- Vertroulikheid en anonimiteit

Respondente se identiteit, eienskappe en omstandighede waaraan hulle uitgeken kan word sal weggelaat word uit die studie. Die navorser sal ook net soveel data insamel as wat nodig is ter bereiking van die doelwitte van die studie sodat die privaatheid van die deelnemers verseker sal word.

▫ Samewerking van die respondente

Die navorser sal die navorsing slegs doen met die respondente se vrywillige toestemming en aan hulle beklemtoon dat hulle weiering geen nadelige gevolge sal hê nie. Hul waardigheid en privaatheid sal ook nie aangetas word nie (Gilchrist & Schinke in Schoeman & Botha 1991:58).

2.6.2 STEEKPROEF

‘n Kwalitatiewe steekproef se respondente word geselekteer met die oog op verkryging van toegang tot inligting. Dit is eerder intensief as uitgebreid. Die beginsel, *less is more*, geld omdat dit belangriker is om deeglike werk te doen met min mense as oppervlakkige werk met meer mense (McCracken 1988:17).

2.6.2.1. Steekproefpopulasie

Die teikenpopulasie bestaan uit gevonnise witboordjieoortreders wat tans gevangenisstraf uitdien. Hulle is ook witboordjiemisdadigers wat hul oortredings begaan het binne ‘n Suid-Afrikaanse bank. Hulle sal geselekteer word uit gevangenes wat tans in aanhouding is in gevangnisse in die Gauteng provinsie.

2.6.2.2 Metode van steekproeftrekking

Cresswell (1994:148) noem dat respondente in 'n kwalitatiewe studie doelgerig geselekteer word om die navorsingsdoelstelling te bereik en dat geen poging aangewend moet word om die steekproeftrekking ewekansig te hou nie.

Die ideaal is om minstens agt onderhoude te voer (McCracken 1988:17). In die navorsing sal die hoeveelheid onderhoude bepaal word deur die hoeveelheid beskikbare respondente wat in die steekproefpopulasie gedefinieer word. Al die beskikbare respondente sal benut word.

2.6.3 DATA-INSAMELING



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

2.6.3.1 Die persoonlike onderhoud

Data sal ingesamel word deur middel van persoonlike semi-gestruktureerde onderhoude - met ander woorde oop, in-diepte en kwalitatief. Dit impliseer dat die navorser en respondent met mekaar in gesprek tree, verskeie kere oogkontak het en daar dus 'n vertrouensverhouding opgebou en gehandhaaf moet word. Die onderhoud word met 'n enkele respondent op 'n keer gevoer (Schoeman & Botha 1991:52).

2.6.3.2 Komponente van die onderhoudvoeringsprosedure

McCracken (1990:37-41) sit die volgende noodsaaklike komponente van onderhoudvoering uiteen:

- ◇ Die navorser moet verbaal én nie-verbaal die boodskap oordra dat hy nie-veroordeelend, intellektueel-belangstellend en gretig is om te luister na die respondent.
- ◇ Openingsvrae behoort eenvoudig te wees (verkieslik biografies van aard) aangesien respondente *juis* gedurende die openingsfase van die onderhoud hul weerstandstrategie ontwikkel.
- ◇ Die navorser moet met groot sorg die inligting insamel en kodeer, aangesien dit maklik is om foute te maak, maar moeilik om dit reg te stel. Dit moet ook voortdurend in gedagte gehou word dat inligting wat nie gekodeer word nie, vir altyd verlore sal wees.
- ◇ Die navorser moet voortdurend luister vir sleutelwoorde en leidrade daarvolgens opvolg. Sorg moet geneem word om indrukke, onderwerps-vermyding en misverstande by die respondent te identifiseer en te hanteer.
- ◇ Die respondent moet genoeg tyd gegun word om te antwoord, dit wil sê om sy verhaal in sy eie woorde te vertel. Om 'n oningeligte rol tydens onder-

houdvoering in te neem, het dikwels die effek dat die respondente al hoe meer uitbrei op sy antwoord, wat dan weer vir die navorser genoegsame geleentheid bied om die relevante sleutelwoorde te identifiseer vir verdere ondersoek.

2.6.3.3 Kommunikasievaardighede

Die kommunikasievaardighede wat tydens die onderhoudvoering deur die navorser benut sal word om ventilering te fasiliteer kan as volg uiteen gesit word (Okun 1987:76):

- *Parafrasering:* Dit is die herhaling van dit wat die respondente kommunikeer. Op hierdie wyse kan die navorser dan toets of die boodskap wat oorgedra is, korrek verstaan word.
- *Reflektering:* Deur primêre-vlak reflektering van dit wat die respondente kommunikeer (verbaal of nie-verbaal) word begrip van die respondente se kommunikasie en perspektiewe aan hom terug gekommunikeer.
- *Opsomming:* Hoof temas word beklemtoon deur terugvoer wat aan die respondente gegee word gedurende asook aan die einde van die sessie. Die respondente word hierdeur aangemoedig om die opsomming te evalueer en terugvoer te gee.

- *Minimale verbale respons:* Die navorser gebruik response soos ‘mm-mm’ of ‘ek sien’ om respondente aan te moedig om verder te praat en ook om aan te dui dat daar geluister en belangstellend gevolg word wat die respondent sê.
- *Uitklaring:* ‘n Poging word aangewend om te verstaan wat die respondente moontlik bedoel met stellings wat gemaak word, as tegniek om dit te verifieer.

2.6.3.4 Veldnotas

Veldnotas sal direk ná die onderhoude geskryf word as middel om onderliggende temas en dinamika, sowel as die situasie tydens die onderhoud te beskryf soos waargeneem in die nie-verbale gedrag van die deelnemers asook die subjektiewe ondervindings en persepsies van die navorser (Kerlinger, 1986:80).

Veldnotas sal ingedeel word onder die volgende hoofde (Kerlinger, 1986:81):

- *Observasie notas* is beskrywings van gebeure ervaar deur middel van luister en sien. Die *hoe, wat* en *waar* van die situasie word uitgebeeld met so min as moontlik interpretasies daaraan gekoppel.
- *Teoretiese notas* is doelgerigte pogings om betekenis te genereer uit observasie notas.

- *Metodologiese notas* is instruksies vir die navorser, evaluering van metode en herinneringe aan bruikbare notas.
- *Persoonlike notas* is notas rondom die navorser se eie reaksies, reflekerings en ondervindinge.

2.6.4 DATA-ANALISE

Oudiobande van opnames van persoonlike onderhoude met witboordjiemisdadigers word woordeliks getranskribeer, waarna dit geanaliseer sal word.

Die analise van data sal sistematies en beskrywend geskied aan die hand van Tesch (in Cresswell 1994:115) wat soos volg uiteengesit word:

- i. Vorm 'n geheelindruk deur transkripsies en veldnotas deur te lees. Skryf idees neer soos hulle in jou gedagtes opkom.
- ii. Kies een onderhoud, werk daardeur en vra die vraag: 'Wat is die onderliggende boodskap?' Skryf temas in die kantlyn.
- iii. Maak 'n lys van temas nadat verskeie onderhoude deurgewerk is.

- *Metodologiese notas* is instruksies vir die navorser, evaluering van metode en herinneringe aan bruikbare notas.
- *Persoonlike notas* is notas rondom die navorser se eie reaksies, reflekterings en ondervindinge.

2.6.4 DATA-ANALISE

Oudiobande van opnames van persoonlike onderhoude met witboordjiemisdadigers word woordeliks getranskribeer, waarna dit geanaliseer sal word.

Die analise van data sal sistematies en beskrywend geskied aan die hand van Tesch (in Cresswell 1994:115) wat soos volg uiteengesit word:

- i. Vorm 'n geheelindruk deur transkripsies en veldnotas deur te lees. Skryf idees neer soos hulle in jou gedagtes opkom.
- ii. Kies een onderhoud, werk daardeur en vra die vraag: 'Wat is die onderliggende boodskap?' Skryf temas in die kantlyn.
- iii. Maak 'n lys van temas nadat verskeie onderhoude deurgewerk is.

- iv. Neem die lys van temas, verkort die temas as kodes en skryf die afkortings langs die toepaslike segmente van die teks. Probeer hierdie voorlopige werkwyse om te sien of nuwe kategorieë of kodes ontstaan.
- v. Vind die mees beskrywende bewoording vir temas en skryf hulle neer as kategorieë.
- vi. Verbind die kategorieë met lyne om die verwantskappe en kenmerkende wyses van interaksie tussen die kategorieë aan te dui. Dit dien as raamwerk vir die literatuurkontrole.
- vii. Maak 'n finale besluit oor die afkorting van elke kategorie en skryf die kodes in alfabetiese volgorde.
- viii. Versamel die data wat by elke kategorie behoort en doen 'n voorlopige analise.
- ix. Veldnotas word gebruik om die plasing van woorde en temas onder kategorieë te bevestig.
- x. Herkodeer die bestaande inligting indien nodig.

Transkripsies van die bandopnames, veldnotas en werksprotokol sal aan die onafhanklike mede-kodeerder gegee word. Die werksprotokol sluit in stappe wat gevolg moet word tydens data-analise (Wilson 1989:482).

Die navorser en mede-kodeerder kodeer die inligting afsonderlik. Met die herontmoeting word die temas wat geïdentifiseer is, bespreek en tot 'n vergelyking gekom (Wilson 1989:482). Die ekosistemiese benadering tot menslike gedrag (paradigmatiese perspektief) word gebruik om die resultate van die kodering in te deel.

2.6.5 LITERATUURKONTROLE

Nadat die data ingesamel en geanaliseer is, sal die resultate (temas en kategorieë) met bestaande relevante literatuur oor die navorsingsonderwerp vergelyk en gekontrasteer word (Cresswell 1994:22-23).

2.7 LEEMTES IN DIE STUDIE

2.7.1 Die oortreder se persepsie van realiteit en sy beskrywing daarvan is beïnvloed deur die interaksies (sosiale uitruilings) waaraan hy tot en met die navorsingsonderhoud blootgestel was, byvoorbeeld die bestuur by die bank, die polisie, die geregsdiens, sy familie, ensovoorts. Dit kan

byvoorbeeld veroorsaak dat hy/sy eerder noem wat tot dusver beskou is as aanvaarbaar, in plaas daarvan om die werklike situasie te skets.

2.7.2 Die respondente se ekosisteme en unieke situasies kan nie volledig beskryf word nie aangesien dit die anonimiteit van die respondente in gevaar sal stel. Dit kan moontlik ook begrip benadeel.

2.7.3 Die steekproef word bepaal deur die grootte van die populasie gevonnise witboordjiemisdadigers, wat hul oortredings in banke gepleeg het, in die Gauteng provinsie.

2.7.4 Die gevolgtrekkings wat gemaak word sal nie veralgemeenbaar wees nie, aangesien dit spesifieke mense op 'n spesifieke tydstop in 'n spesifieke situasie weergee. Dit kan egter waardevol wees in die daarstel van begrip vir 'n ander paradigma in die stryd teen witboordjiemisdadigheid.

2.8 SAMEVATTING

'n Kwalitatief-verkennende, beskrywende, kontekstuele studie sal gedoen word met die totale populasie beskikbare gevonnise witboordjiemisdadigers wat hulle oortredings in banke gepleeg het as werknemers van daardie bank. Spesiale aandag word gegee aan etiese aspekte en die onderhoudvoeringsprosedure.

In hoofstuk 2 is die navorsingsontwerp en –metode breedvoerig bespreek sowel as die sosiaal-konstruksionistiese benadering waaruit die studie gedoen word.

In hoofstuk 3 sal die verskillende ekosisteme, soos genoem deur die respondente, uiteengesit word.



HOOFSTUK 3

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIE MISDAAD: BESPREKING VAN DATA

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ekosisteme wat 'n invloed gehad het op die ontstaan en voortsetting van hul witboordjiemisdadigheid, soos geïdentifiseer en omskryf deur die respondente, uiteengesit.

3.2 IMPLIKASIES VAN DIE SOSIAAL-KONSTRUKSIONISTIESE PERSPEKTIEF

Aangesien die soeke na begrip vanuit die sosiaal-konstruksionistiese perspektief gedoen word, moet die navorser se afleidings nie as absoluut, universeel, of objektief van aard beskou word nie, omdat die afleidings gebaseer is op gesprekke tussen spesifieke mense (navorser en witboordjiemisdadiger), vanuit 'n spesifieke omgewing, op 'n spesifieke tyd (Hamilton 1995:10).

In die bespreking van die respondent se persepsies het die navorser dus ook 'n invloed op die sosiale uitruiling, wat weer aanleiding gee tot die vorming van konsepte en herinneringe. Om dié rede het die navorser doelbewus introspeksie

hieroor gedoen en moontlike eie persepsies en vooropgestelde idees ondersoek ten einde te verseker dat die navorsingsproses nie hierdeur benadeel word nie.

Die ideaal sou wees om elk van die respondente individueel te bespreek, aangesien elkeen se aanloop tot die pleeg van hul misdaad 'n eie dinamika het met unieke ekosistemiese interaksies. Om dit so te doen, sal egter hul anonimiteit in gedrang bring.

Vervolgens word die respondente beskryf en daarna word die ekosisteme, soos deur hulle geïdentifiseer en verduidelik, beskryf. Die primêre ekosisteme wat deur hulle geïdentifiseer is, is die individu (die self) en die bank as werkplek.

3.3

RESPONDENTE



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die totale syfer witboordjiemisdadigers wat as respondente gebruik is in hierdie studie het hul misdade gepleeg as werknemers van 'n Suid-Afrikaanse bank. Ten tyde van die studie was hulle almal in 'n gevangenis in Gauteng. Hulle was beskikbaar, gewillig en toeganklik.

Die navorser het onderhoude gevoer met ses respondente in verskillende gevangnisse in Gauteng. Die onderhoude het elk gemiddeld ongeveer sestig minute geduur.

Die respondente kan biografies soos volg beskryf word:

- Drie van die respondente was vroulik en die ander drie manlik.
- Vyf van die respondente was blank en een was 'n kleurling.
- Hulle ouderdom wissel tussen 26 jaar en 52 jaar.
- Al die respondente is getroud en het minstens een kind. Hulle was almal getroud ten tyde van die pleeg van hul misdade.
- Hulle het in verskillende banke gewerk.
- Die misdade is op verskillende tye gepleeg. Selfs so ver terug soos 1991.



Alhoewel al die respondente se misdade almal gekategoriseer kan word onder witboordjiemisdade, is daar betekenisvolle verskille in die metode wat gevolg is in die pleeg van die misdade. Een respondent het byvoorbeeld 'n lening toegestaan aan 'n kliënt, welwetend dat daardie kliënt nie daarop geregtig was nie. 'n Ander respondent het met 'n kliënt ooreengekom om 'n groot hoeveelheid geld te belê teen 'n spesifieke rentekoers. Hy het dit egter teen 'n hoër rentekoers belê en die verskil vir homself geneem. Nog 'n respondent het inligting verskaf aan mense wat dit gebruik het om 'n misdade te pleeg en die ander het geld verduister in hul daaglikse hantering daarvan.

3.4 GEÏDENTIFISEERDE EKOSISTEME

Vervolgens word die ekosisteme wat 'n invloed gehad het op die ontstaan en voorsetting van witboordjiemisdad soos waargeneem deur die respondente uiteengesit.

Die respondente beskryf twee ekosisteme wat 'n prominente rol gespeel het in hul lewens voor en tydens die pleeg van die misdad:

◇ **Die individu (die respondent self)**

Die individu word beskryf in terme van sy gedrag, sy emosies en sy verhoudinge. Verhoudinge word verdeel in algemene opmerkings daaroor en die beskrywing van die respondente se verhoudings met spesifieke ander rolspelers, naamlik huweliksmaats, vriende, familie, kinders en God.

◇ **Die bank as werkplek**

Die bank as ekosisteem met 'n beskrywing van die respondente se belewenis van bestuur en van die bankkultuur.

Die navorser beskyf ook die geleentheid, as betekenisvolle uitvloeisel van die ekosisteme wat 'n rol speel in die lewens van die respondente en die dinamika tussen die ekosisteme.

3.4.1 DIE INDIVIDU

Die oortreder en sy/haar unieke dinamika as ekosisteem blyk, na aanleiding van die gesprekke met die respondente, 'n belangrike rol in die begrip vir witboordjiemisdaad te speel.

Die bespreking van die individu word verdeel in die **gedrag** van die respondente, die **emosies** ervaar deur die respondente en hul **verhoudings** met betekenisvolle ander mense in hul omgewing.

3.4.1.1. Gedrag van die respondente

Die respondente noem dat hulle **goeie werknemers** was voor en tydens die pleeg van die misdade:

'My vorige pos was... Ek was in my element in daai werk. Ek het met mense gewerk, met personeel. Daar kon ek die mense help... Dit was lekker omdat ek net papierwerk en syferwerk gehad het. Dit was 'n verantwoordelike werk.'

'Ek het 'n goeie pos beklee en goeie werk vir hulle gedoen. My portefeulje het met miljoene gegroei in die tyd wat ek daar gewerk het. Ek het my alles gegee.'

'Hulle het my so vertrou, my soveel volmag gegee. Dit net meer en meer gemaak. As ek iets goedgekeur het, het hulle dit aanvaar.'

'n Werknemer kan dus gelyktydig betroubaar, konsensieus en ook 'n witboordjiemisdadiger wees.

3.4.1.2. Emosies ervaar deur die respondente

Die respondente ervaar **skuldgevoelens en/of angstigheid** tydens en na die pleeg van hul misdade. Dit affekteer hul verhoudings met hul kollegas, huweliksmaats, familie, vriende en ook hulself.

'Skuldgevoelens... Daar was altyd 'n sielewroeging as jy in die nag wakker word. Jy is alleen met jou gedagtes. Daardie mense het jou in 'n posisie van vertrouwe geplaas en jy het hulle teleurgestel.'

'Ek kon nie meer met die leuen saamleef nie.'

'Ek kon dit nie meer hanteer nie. Ek was deurentyd angstig en geïrriteerd met my mense... Dis hoekom ek myself gaan oorgee het aan die polisie.'

'Ek was baie bekommerd en baie gespanne. Ek het myself ooreet en baie oorgewig geraak. Hoe kon ek so skynheilig wees? Jy kan mos nie opreg met iemand wees as iets binne in jou nie reg is nie.'

'Ek kon my man nie meer in die oë kyk nie. Ek was so gespanne in daai twee jaar.'

Die meerderheid van die respondente het dus negatiewe emosies en spanning ervaar as 'n gevolg van die misdaad.

Een van die respondente het vrees geïdentifiseer as 'n belangrike motiveringselement in sy gedrag.

'Ek het gevrees dat ek moontlik teruggehou of afgedank gaan word. Dis al loopbaan wat ek gehad het. My bestuurder het gesê ek "produce" nie die "goods" nie. Ek moes uitbrei, syfers kry. Daar was 'n swaard oor my kop gehou.'

'Die vrees was steeds groot dat iemand vir jou gaan sê jy is ruggraatloos, jy moet maar vir jou ander werk soek.'

Daar was ook die uitsondering op die reël. 'n Vroulike respondent is uitgevang kort nadat sy die misdaad gepleeg het. Sy het in die hof verskyn en is die

geleentheid gebied om die geld weer terug te betaal sonder dat sy enige verdere straf opgelê is. Sy het dit slegs vir twee maande betaal en sê hieroor:

'Ek sou eerder die geld op my kinders spandeer as om dit terug te betaal.'

Sy verbaliseer geen skuldgevoel oor die misdaad nie, selfs nadat sy uitgevang en skuldig bevind is. Die ervaring van negatiewe emosies kom dus nie by al die respondente voor nie.

n Ander respondent beweer dat hy nie bewus was van sy aandeel in die misdaad nie. Sy sogenaamde vriende het inligting wat hy na bewering 'onwetend', aan hulle verskaf het, gebruik om die misdaad te pleeg. Daarom het hy nie skuldgevoelens of ander negatiewe emosie ervaar voor of tydens die pleeg van die misdaad nie.

3.4.1.3. Verhoudings van die respondente

Wat betref die respondente se verhoudinge oor die algemeen, het die volgende aan die lig gekom.

Vyf van die respondente noem dat hulle daarvan hou om dinge vir ander mense te doen en **ander mense gelukkig te maak** - soms selfs ten koste van hulself.

'Ek het vir ander mense omgee en 'n ander ou se probleme het partykeer voor my eie gekom. Ek was nie ongewild in die werkplek nie, omdat ek die ander se belange op die hart gedra het... Ek het baie mense gehelp ... ek gee baie om vir ander mense. Die deel van my wat goed gedoen het, het dit uit die diepte van my hart gedoen.'

'Ek sal my siel verkoop om ander mense gelukkig te hou.'

'Ek het al my kinders gehelp met die geld. Ek het baie mense by die bank ook gehelp want ek kon nie sien dat mense swaar kry nie. Almal by die bank was lief vir my want ek het altyd 'n oop hart gehad; al het ek myself net dieper en dieper in die moeilikheid gedruk, het ek hulle nogtans gehelp. Ek sal enige mens help as ek kan.'

Hulle noem ook dat hulle eerder **konflik vermy** en dat hulle **sukkel om selfhandhawend te wees**.

'Ek het die werk aanvaar want dit was bevordering, maar ek was nie 'n bemarker nie. Jy het vrees. Dis jou brood en botter... As ek weier kan ek moontlik afgedank of teruggehou word. Ek kon nie die mas opkom daarmee nie. Ek is nie 'n mens wat kan nee sê nie.'

'Jy loop 'n pad saam met 'n kliënt en dan moet jy sy rekening toemaak (om die slegte skuld te bekamp). Jy weet party van die mense kry regtig swaar. Waarvan gaan hulle lewe? Ek kan dit nie aan 'n mens doen nie.'

'Dit was vir my moeilik om die mense te dissiplineer.'

'Ek moes meer selfgeldend gewees het en nie ander ten koste van myself gehelp het nie.'

'Ons het mos as kind geleer dat jy nie jou senior teëgaan nie. Ek het in elk geval nie die moed gehad nie'

'My bestuurder het my vir twaalf jaar onregverdig behandel. Na 'n insident waar hy my gevloek het, het ek bedank.'

'Ek is 'n baie saggeaarde tipe mens. Sensitief. Ek hou nie van konfrontasie nie.'

'Ek het 'n swak punt. Ek kan nie nee sê nie.'

Die respondente beskryf hulself as mense wat **min betrokke is by die groter gemeenskap**. Van hulle het bykans geen kontak gehad met ander mense buite die werkomgewing nie, behalwe met hul gesin en familie.

'Ek is 'n alleen-mens.'

'Ek is nie 'n sosiale mens ... 'n partytjie mens nie.'

'Ek is 'n alleen-mens. Ek gaan na my ma-hulle toe. Ek het nie vriende nie.'

'Ek het nie regtig die bank se beeld bevorder by hierdie funksies nie, want ek het net gesit en luister na die spreker en dan kon ek agterna ook nie regtig saamgesels oor wat hy gesê het nie. Ek het nie geweet wie die ou langs my is of waar hy vandaan kom nie. Dit was nie ek nie. Ek wou nie soontoe gaan nie. Ek het gegaan omdat die bank dit van my verwag het.'

'Ek kuier maar altyd saam met my skoonmense.'



Vervolgens word hul verhoudings met betekenisvolle ander mense (wat bepaalde ekosisteme verteenwoordig) in hul lewens bespreek.

(i) Die huweliksverhouding

Op die oog af blyk dit of die respondente se eggenoot/eggenote en die verhouding tussen hulle nie 'n invloed gehad het op die ontstaan of voortsetting van die misdade nie. In al die gevalle het die oortreders se eggenoot/eggenote eers van die misdaad uitgevind nadat dit gepleeg is en almal se huweliksmaats was **geskok** en **teleurgesteld** by die ontdekking daarvan.

'Hy het saam met my gehuil.'

'My vrou kon dit eers nie glo nie.'

'Ek kon my man nie meer in die oë kyk nie.'

'Hy het nie geweet dat ek die geld gevat het nie.'

Hul huweliksmaats was **ondersteunend** teenoor die oortreders:

'My vrou het gesê: Byt vas, hoop en bid.'

'Hy het gesê hy sal my bystaan wat ook al gebeur'

'My man was steeds 'n baie goeie liefdevolle mens.'

'My vrou het my daardeur gehelp en ondersteun my nog steeds.'

By nadere ondersoek, word dit duidelik dat van die respondente se huweliksisteme **wel 'n rol gespeel het**. Een vroulike respondent se verhouding met haar man was swakker as ooit vantevore. Sy het misbruik gevoel, in plaas van gewaardeer. Op daardie stadium het sy 'n ander man ontmoet wat haar op die hande gedra het en hulle het 'n verhouding begin. Hulle het begin dobbel en omdat hulle baie geld verloor het (nodig gehad) het, het dit gelei tot die bedrog wat sy gepleeg het. Die huweliksprobleme was dus vir haar die **begin van 'n proses**, wat uiteindelik gelei het tot haar keuse om misdad te pleeg.

'My huwelik was op 'n sensitiewe stadium. Ek het alles vir hom gedoen, maar was dit die moeite werd? Die man het op die toneel verskyn en my half-op 'n troon geplaas en my laat goed voel... Ek het die probleem op die verkeerde manier probeer oplos.'

'n Ander vroulike respondent se man was ook geskok en teleurgesteld toe hy van sy vrou se bedrog verneem. Hy het aanvanklik gesê dat hulle dadelik die geld moet terugbetaal. Sy besigheid het egter nie genoeg wins gemaak om die skuld terug te betaal nie, en **daarna het hy sy vrou versoek om nog geld te vat**, sodat hulle dit in sy besigheid kon belê. Die waarskynlikheid dat die besigheid dan meer wins sou oplewer, kon so verhoog word, maar dit het nie gerealiseer nie. Uiteindelik het hy dus bygedra tot meer bedrog.

'Net my man het geweet wat aangaan. Hy het gesê ons moet dit so gou as moontlik terugbetaal.'

'Hy was baie ondersteunend, maar hy moes die sterk een gewees het. Hy moes dit daar gestop het... Hy moes gesê het dat ons nie verder moet gaan nie.'

Die misdaad het **kommunikasie tussen huweliksmaats beïnvloed**:

'As my man daarvoor wou praat het ek altyd stilgebly. Ek wou liever nie daaraan dink nie.'

'Ek het hom nie vertel van die misdaad of dat ek uitgevang is nie. Eers voor ek hof toe moes gaan het ek hom daarvan vertel.'

Die respondente beskryf hul huweliksmaats as mense met **goeie waardes** en as **goeie vriende**.

'My vrou se persoonlikheid maak haar mooi. Sy is 'n sagte vrou maar weet wanneer om nee te sê. Sy is baie beginselvas.'

'Sy is my beste vriendin.'

'Hy is so 'n wonderlike mens. Hy het vir my alles gegee.'

Vier van die respondente beskryf hul huweliksmaats as **sensitiewe introverte wat konflik vermy**.

'Ons is albei introverte wat konflik vermy.'

'Hy is 'n saggeaarde tipe van mens ...sensitief, hou nie van konfrontasie nie.'

(ii) Verhouding met familie

Een respondent is van mening dat die **opvoeding** wat hy ontvang het en die **waardes** wat hy hier geleer het, 'n groot veroorsakende faktor was vir die misdaad wat hy gepleeg het. Sy keuse van 'n beroep in die bankwese was gebaseer op sy ouers (en die gemeenskap volgens hom) se opinie dat dit 'n 'beter' beroepsopsie is as bv. hande-arbeid. Daar is meer status, geld en gerief aan

verbonde. Dit was 'n manier om die gemeenskap te dien en om die gemeenskap te dien was goed. (Vanweë die assosiasies, sowel as die feit dat hy al baie jare in die bank gewerk het, was dit vir hom moeilik om ander werk te oorweeg toe hy agterkom dat hy nie aan die verwagtinge kon voldoen nie.)

'n Ander waarde wat dié man as as kind geleer het, was dat jy nooit 'n senior persoon teëgaan nie. Indien jy dit doen, sou jy beskou word as 'n rebel en dit sou lei tot verwerping deur die hele gemeenskap. Hy het gevrees dat sou hy van sy seniors verskil, hy ook gesigmatiseer sal word in die bankomgewing en in die gemeenskap. Dit kon dan ook ander implikasies hê, soos afdanking of beperkte bevordering.

Hierdie persepsies het hom daarvan weerhou om vir sy seniors te sê dat die pligte wat hulle hom opgelê het, onuitvoerbaar was.

'n Ander respondent se vader was (en is) 'n prominente persoon in hul gemeenskap, wat meegebring het dat die respondent **van jongs af in die kollig** was. Die gevolg was, volgens hom, dat hy altyd gemaklik en openlik met enige iemand kon praat (ook bykans vreemde mense) oor dit wat in sy lewe aangaan. Dit het daartoe bygedra dat hy geassosieer is met 'n bedrog-sindikaat omdat hy vir sy sogenaamde 'vriende' meer vertel het van sy werk, as wat toelaatbaar was.

Die respondente is dus beïnvloed deur die waardes wat hulle geleer het in hul ouerhuise. Dit het uiteindelik 'n rol gespeel in hul verhoudings met ander mense, ook in die werkplek.

Uit die onderhoude blyk dat die respondente se familie nooit op enige manier aanleiding gegee het tot die waarskynlikheid dat die misdade sou plaasvind nie. Die families het nie geweet dat die respondente betrokke was by die misdade totdat hulle hulself oorgegee het of uitgevang is nie.

Twee van die respondente noem dat hulle verhouding met hul familie negatief beïnvloed is voordat die misdaad op die lappe gekom het:

 UNIVERSITY
JOHANNESBURG
'Ek het my teruggetrek van my familie omdat ek skuldig gevoel het.'

'Hoe minder ek in hulle geselskap is, hoe meer kan ek vermy om hulle seer te maak. Ek kon nie vir hulle verduidelik wat aangaan of vir hulle leuens vertel nie.'

Die respondente beskryf hulle families as **Christelike, beginselvaste mense**.

'Ek het in 'n Christelike huis grootgeword.'

'My familie is kerkmense wat nie drink en al daai dinge doen nie.'

'As my ma al die dinge moes weet sou dit haar dood kos. Sy is nie so 'n tipe mens nie.'

(iii) Verhouding met vriende

Van die respondente noem dat hulle ten tyde van die pleeg van die misdade geen vriende gehad het nie (en nou nog nie het nie).

'Behalwe om na bankgesellighede toe te gaan, het ek nie 'n vriendin gehad saam met wie ek kon gaan fliet of sulke tipe goed nie.'

'Ek het 'n probleem met vriende. Ek kan niemand vertrou nie.'

'Ek is 'n alleenmens. Niemand het regtig geweet wat met my aangaan nie.'

Die ander respondente het goeie vriende met wie hulle vantevore gereeld kontak gehad het en van wie hulle steeds besoek ontvang. Hulle het nie die misdaad met die vriende bespreek tot nadat hulle uitgang is of hulself oorgegee het nie.

Die respondente het die volgende kommentaar gelewer oor hul vriende:

'Daar is twee mense met wie ek werklik betekenisvolle vriendskapsverhoudings het al vir baie jare.'

'Dis mense met wie ek lekker oor die weg gekom het, van wie ek baie hou. Ek hou van hulle want hulle is warm, plat op die aarde mense... Ons het aanvaar dat ons soms verskillende opinies sal hê.'

'Ek het 'n goeie mansvriend, maar hy het nie geweet van die storie nie. Plaas dat ek dadelik met hom oor die ding gesels het. Hy was 'n sterk persoon wat 'n groot invloed op my lewe gehad het. Hy sou my miskien die regte raad gegee het.'

Een van die respondente is van mening dat die **sukses wat sy vriende behaal het**, hom moontlik in sy desperaatheid aangesterk het om ook suksesvol te wil wees.

'Omdat hulle gevorder het in hulle loopbane het ek miskien gevoel dat daar sekere goed is wat jy moet doen om bevordering te kry in jou loopbaan, wat niks te doen het met jou werk nie. As jy dit nie doen nie kan jy jou werk doen so goed as jy wil, jy sal nooit bevordering kry nie, want jy is nie op die regte tyd op die regte plek nie en jy word nie deur die regte mense gesien nie. Ek was desperaat om te bewys dat ek nie so sleg vaar as wat hulle (bestuur) dink nie.'

Die laaste respondent het gedink dat hy vriende het, maar die vriende blyk toe mense te wees wat hom **misbruik het vir sy kennis**. Sy verhoudings met hulle was dus oppervlakkig van aard.

'Daai was 'n vriend van my. Hulle het geweet waar ek werk. By die sokker vra hulle vir my hoe werk die, hoe werk daai en ek verduidelik want hoe moet ek weet hulle het plannetjies.'

(iv) Verhouding met kinders

Die kinders van al die respondente het ook, soos die familie, nie vooraf geweet van die misdaad nie. Hulle het geen rol gespeel in die beïnvloeding van die respondente om betrokke te raak by witboordjiemisdad nie. Al die respondente se kinders het uitgevind van die misdaad nadat die betrokkenes hulself oorgegee het of uitgevang is.

Een vroulike respondent het genoem dat sy die geld gevat het sodat sy vir haar kinders kon gee wat hulle wil hê. Sy wou nie hê dat hulle ander kinders se goed moet begeer en vat nie. Sy het nie totale sekerheid oor haar motivering tot die misdaad nie, maar **beskou die kinders as haar primêre rede**.

'Ek is baie lief vir my kinders en dis miskien hoekom ek dit gedoen het.'

'Ek wou geld in my hand hê as my kinders iets wou hê. Dis eintlik die hoofrede: Sodat my kinders na my kan opkyk en sê my ma is goed. Sy koop vir my wat ek wil hê. Hulle opinie is vir my baie belangrik.'

'Kinders word maklik mislei. Hulle kan miskien dit wat hulle wil hê vat by iemand anders en dit wou ek nie hê nie. Ek wou liever self voorsien in al hulle behoeftes.'

(v) Verhouding met God

Twee van die respondente is van mening dat **Satan die oorhand gehad het** in hul lewens in die tyd wat hulle die misdaad gepleeg het.

'Die Here het goed gesorg vir my maar Satan se wil was sterker.'

'Dis seker die duiwel wat op my skouer gesit het ... die duiwel het miskien die oorhand oor my gehad.'



Die ander respondente noem dat hulle deurgaans steeds afhanklik gevoel het van God en dat hulle gereeld gebid het.

'Ek het 'n duiwelse daad gepleeg, maar die Here was my Redder. Hy het my gehelp en my in daai tyd gedra.'

'Ek het baie gebid dat die Here my net sal help dat ek my situasie kan regmaak.'

3.4.2 DIE BANKOMGEWING

Die respondente beskryf hul bestuurders as mense wat **vertroue** in hulle (die respondente). gehad het.

'Hulle reaksie sou wees geskok. Hulle het baie vertroue in my gehad.'

'Hulle het my soveel volmag gegee, hulle het my soveel vertrou.'

'Ek wou hulle nie teleurstel nie. Hulle het immers gedink ek kan die werk doen.'

'Hulle het my in 'n vertrouensposisie gestel.'



Drie van die respondente het hul bestuurders as **empaties en ondersteunend** beleef.

'My baas was 'n goeie persoon. Hy het goed na my gekyk. Ek het opgekyk na hom. Hy het baie vir my gedoen.'

'Ek is seker as ek na hulle toe gegaan het sou hulle gesê het: Kom ons hou jou uit die hof en uit die tronk uit. Dit was redelike, goeie mense.'

'Ek het nie die moed gehad om met hom te gaan praat nie, maar ek dink tog hy sou my dalk bygestaan het.'

Die ander respondente het **minder positiewe belewenisse** gehad van hul bestuurders.

'Ek kon net in my bestuurder se goeie boekies bly as ek die speletjie speel soos hy dit speel. Hy is nie eerlik nie. Sy waardes is nie reg nie.'

'Hy was nooit werklik daar om ons by te staan nie.'

Drie van die respondente was van mening dat dit grootliks die **ekstroverte, sosiale mense** is wat deur bestuur raakgesien word en erkenning kry.

'Jy kan met baie wegkom as jy "parties" hou en sosiaal verkeer en saam met hulle drink; dan was jy in. Hulle waardes was nie vir my reg nie en hulle het nie op die regte manier gekommunikeer nie.'

'Daar is baie mense wat daaronder werk, klerke en so, wat beter in daardie posisies (bestuursposisies) sal wees as die mense wat hulle daarin het. Hulle sien net die mense raak wat nie skaam is nie, wat lekker kan gesels en tekere gaan. Ek dink hulle maak 'n fout daarmee. Daar is baie stil mense wat eerder hulle werk noukeuriger sal doen as om sosiaal te wees en aan alles deel te neem.'

'Jy kan jou werk so goed doen as wat jy wil, jy sal nooit bevordering kry nie, want jy is nie op die regte tyd op die regte plek nie en jy word nie deur die regte mense gesien nie.'

Van die respondente is van mening dat hul bestuurders **nalatig** was omdat hulle nie die werk van die respondente nagegaan het of laat nagaan het nie.

*'Bestuur het volgens my nie verantwoordelikheid gehad nie. Hulle het nie ge-
"double-check" nie.'*

Die direkte druk wat een van die respondente van sy twee bestuurders ervaar het, het bygedra tot sy besluit om die misdaad te pleeg.

'My bestuurder het kort voor daardie tyd gesê hy sal my persoonlik verantwoordelik hou vir enige verliese gely.'

'Dis 'n toebroodjie-effek. Die kliënt druk jou van die een kant af en jy weet jou bestuurder gaan jou verkwalik oor die skuld wat sleg raak. Dit is die grootste faktore wat druk op my geplaas het.'

Die respondente verbaliseer 'n **gebrek aan vrymoedigheid** om met hul bestuurders te praat oor die probleme wat hulle ervaar.

'Ek het nie die moed gehad om met hom te gaan praat nie.'

'Ek was in 'n stadium lus om hom alles te vertel maar ek wou nie vir hulle wys ek het hulle misbruik nie.'

'Ek wou my bestuurder nader, maar hy is nie die tipe persoon wat graag ander help nie.'

'Ek kon nie met hulle daaroor praat nie. My bevordering en my loopbaan was op die spel.'

Die respondente noem dat **bestuur nie in voeling is met wat op grondvlak gebeur nie**. Hulle is ook nie ingelig oor wat in ander afdelings as hul eie aangaan nie, selfs daar waar die werk oorvleuel. Die gevolg is dat hulle onredelike eise stel en te hoë verwagtinge het van hulle personeel.

'Ons moes die wa deur die drif trek met die minimum mense. Hulle weet nie hoe dit werk in praktyk nie. Die opdragte is afgeforseer ondertoe, maar hulle het nooit self kom kyk of dit in die praktyk werk nie.'

'Hulle het nie hulle kant gebring nie. Hulle was gou om opdragte deur te gee ondertoe, maar hulle is nie werklik 'n voorbeeld van harde werk nie.'

'Daar was altyd te min personeel ... Dinge het so holderstebolder gegaan. Die bestuur was maar te bly as dinge goed gaan, maar hulle vind nie uit wat regtig in die bank aangaan nie. Hulle stel nie belang in die mense wat die werk doen nie.'

Een van die respondente wat 'n senior posisie beklee het ten tyde van sy misdaad noem dat dit belangrik is dat die **persoonlikheid van die individu pas by sy pos** en dit wat van hom verwag word. Met sy aanstelling het sy bestuurders dit nie in aanmerking geneem nie. Hulle het ook nie agtergekom dat hy nie selfgeldend is en nie hou van konflik nie ~ dus nie die regte persoon vir die pos was nie.

'Ons kan die misdaad nie op die skouers van die bank plaas nie, maar as die bank meer mense plaas in posisies waar hulle hoort... Jy kan soveel oplei as wat jy wil, maar as jy nie dieper gaan kyk na die mense wat aangestel word nie, na sy selfbeeld, persoonlikheid of hy in die pos sal pas, sal jy dit nooit uitgeroei kry nie.'

'Hulle dwing mense om te wees wat hulle nie regtig is nie. So kan hy nooit sy volle potensiaal bereik nie. Hy is ongelukkig in sy omgewing.'

Dieselfde respondent is van mening dat sou sy (ontoelaatbare) plan om aan al die eise te voldoen (dié van die kliënt, maar veral dié van die bank) geslaag het, dan

sou hy beskou gewees het word as suksesvol in daardie posisie wat hy beklee het. Maak nie saak of hulle dalk nie sy metodes ten volle goedgekeur het nie.

'As die ou (die kliënt)'n sukses gemaak het sou daar waarskynlik nie so groot probleem gewees het nie.'

Bestuur heg nie waarde aan die werknemers se opinie nie. Die respondent se opinie oor die ware potensiaal van die bank is nie erken of gerespekteer nie en hy is gedwing om resultate te toon. Latere ondersoek het laat blyk dat die respondent reg was in sy assessering van die potensiaal van die bank.

3.4.3 GELEENTHEDE



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Geleentheid (of die gebrek daaraan) is 'n element van al die betrokke sisteme in die ontstaan en instandhouding van witboordjiemisdaad. Dit is veral 'n belangrike element van die bank as sisteem.

Die respondente het die **misdaad gepleeg omdat die geleentheid daartoe daar was**. Twee van die respondente het sonder 'n aanloop van gebeure besluit om 'n geleentheid te benut bloot omdat die geleentheid hom voorgedoen het. Die ander het die geleentheid tot witboordjiemisdaad beskou as die beste metode op daardie stadium om die kritiese behoefte wat met verloop van tyd ontwikkel het, aan te

spreek. Die laaste respondent het nie die geleentheid gekies nie, maar omdat hy ander daarvan bewus gemaak het, het hy ook deel gevorm van die misdaad.

'Ek het gekies om van die geleentheid gebruik te maak.'

'Ek het dit nie nodig gehad nie maar die geleentheid was daar.'

'Dit is die enigste manier wat ek die geld kon kry wat ek nodig gehad het.'

'As bestuur elke dag hulle werk gedoen (nagegaan) het, dan sou dit nooit gebeur het nie.'

Geleentheid is grootliks die gevolg van die posisie wat die respondent het en die vertroue wat daar in hom/haar gestel word.

Wanneer geleentheid in oënskou geneem word, moet daar nie net gekyk word na die geleentede wat daar was nie maar ook die **geleentede wat nie daar was nie**. Die drie respondente wat witboortjiemisdad gebruik het as metode om 'n dringende behoefte aan te spreek het ook ander opsies oorweeg bv. persoonlike lenings, of geld leen by eggenoot se besigheid, maar dit was nie geslaag nie. Hulle was dus van die opinie dat daar nie ander geleentede beskikbaar was nie.

'Op daai stadium het ek nie geld gehad nie, anders het ek dit gebruik. As jy 'n lening wil aangaan, moet jy balansstate en sulke dinge hê en hulle is baie streng daarop. Ons het niks gehad om as sekuriteit aan te bied om weer geld te leen nie.'

'Dit was die beste manier om die situasie te probeer red. Ons sou die geld terug hê voor iemand dit agterkom.'

'As dit uitgewerk het, sou my syfers dit bevestig, en dan was dit nie vir my nodig om myself soveel te bewys nie.'

'Ek moes vinnig optree. My bevordering en selfs die pos wat ek toe gehad het was in die weegskaal. Hulle was reeds besig om my te lig te bevind - so het ek gedink.'

Die respondente het ook nie al die geleenthede tot hulle beskikking benut nie, selfs al was sommige van daardie geleenthede makliker as dié wat hulle uiteindelik benut het.

'In 1993 was daar 'n geleentheid om 'n paar miljoen rand in my sak te steek, maar ek het dit laat verbygaan. Ek het gevoel dit was nie reg nie.'

'Ek het met OTM gelde gewerk. Duisende rande. Partykeer het ek met meer as R400 000 in 'n bruin papiersak onder my arm geloop. Plaas dat ek toe maar aan iets gedink het en gesê het iemand het my oor die kop geslaan, maar ek was te bang. Ek kan nie aan so iets dink nie.'

3.4.4 GEÏDENTIFISEERDE PATRONE

Die navorser het twee ekosistemies interaktiewe patrone geïdentifiseer wat die proses uitbeeld wat lei na witboordjiemisdad.

- (i) PATROON A
- 
- The logo of the University of Johannesburg, featuring two stylized birds facing each other with an open book between them, and the text 'UNIVERSITY OF JOHANNESBURG' to the right.

Die patroon is waargeneem by vier van die ses respondente. Die individu met sy bepaalde persoonlikheidsamestelling word met verloop van tyd blootgestel aan verskeie ander sisteme wat die individu vorm en beïnvloed. Voorbeelde hiervan is sy familie, vriende, kinders, ensovoorts.

Op 'n gegewe stadium betree hy die banksisteem met 'n spesifieke bankkultuur. Byna onmiddelik is hy blootgestel aan die geleentheid om witboordjiemisdad te pleeg. Hy is ook nou in interaksie met ander subsysteme in die werkplek, sowel as met die kultuur en subkulture in die werkplek.

As gevolg hiervan lei die interaksie tussen die verskillende sisteme en geleenthede waaraan die respondent blootgestel is uiteindelik tot 'n situasie waar die respondent witboordjiemisdad beskou as die beste manier om die probleem op te los.

Die geleentheid kan eenmalig of herhaaldelik benut word.

(ii) PATROON B

Hierdie patroon is waargeneem by twee van die ses respondente. Soos by patroon A, word die individu ook blootgestel aan en beïnvloed deur 'n verskeidenheid sisteme voor en ook ná hy die bankomgewing betree.

Die verskil is egter dat die individu nie gemotiveer word om die misdad te pleeg as gevolg van die dinamika van die ekosisteme waaraan hy blootgestel is nie. Hy besluit om die geleentheid te benut omdat dit beskikbaar is en nie omdat dit 'n laaste uitweg is of 'n oplossing vir 'n krisissituasie bied nie.

(iii) VERGELYKING VAN DIE TWEE PATRONE

Die individu in beide van hierdie patrone het 'n unieke persoonlikheidsamestelling. Hy/sy word blootgestel aan 'n verskeidenheid sisteme wat hom beïnvloed en vorm (vergelyk sosiaal-konstruksionistiese benadering) In beide die patrone betree die respondent vrywillig die banksisteem. Sodra hy binne die

sisteem begin funksioneer is hy blootgestel aan die geleentheid om witboordjiemisdaad te pleeg. Dit is hier waar die verskil tussen die twee patrone belangrik word.

By patroon A word die individu blootgestel aan 'n aantal ekosisteme binne en buite die banksisteem, voor en terwyl hy daar werk. Die respondent se belewenis van die dinamika tussen die verskillende ekosisteme plaas hom/haar in 'n situasie waar witboordjiemisdaad na 'n goeie / die beste opsie lyk om 'n probleemsituasie aan te spreek.

By patroon B word die individue ook blootgestel aan die ekosisteme binne en buite die bankomgewing. Hulle pleeg egter nie die misdaad omdat hulle 'n probleemsituasie het nie. Dit kom voor asof die misdaad gepleeg word bloot omdat die geleentheid daartoe hom voorgedoen het.

Die verskil tussen patroon A en patroon B lê dus by die individu en sy motivering om die misdaad te pleeg. By beide patroon A en patroon B plaas die oortreder hom-/haarself in 'n beter posisie deur middel van die misdaad. In patroon A is dit egter ook die beste van 'n aantal minder ideale opsies om 'n probleem aan te spreek, terwyl dit by patroon B bloot benut word omdat die geleentheid daartoe bestaan.

3.5 OPSOMMING VAN DIE INVLOED WAT EKOSISTEME GEHAD HET

<u>EKOSISTEEM</u>	<u>EIENSKAPPE</u>
<p>Individu</p>	<p><u>Gedrag:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Goeie en betroubare werknemer <p><u>Emosie:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Ervaar negatiewe emosies voor, tydens en na die pleeg van die misdaad. <p><u>Verhoudinge: (algemeen)</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Hou daarvan om dinge vir ander te doen en hulle gelukkig te maak. -Vermy konflik en sukkel om selfhandhawend te wees. -Min betrokkeheid by die groter gemeenskap. <p><u>Verhoudinge (spesifiek)</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Eggenote, kinders, familie en vriende het nie geweet van misdaad voordat gepleeg is nie. Voor hulle uitgevind het was daar spanning in die verhouding. Na hulle uitgevind het was hulle eers geskok en daarna ondersteunend.

-Huweliksverhouding:

Kan indirek bydra tot die veroorsaking van die misdaad. Het direk bygedra tot die instandhouding van die misdaad in een geval.

Huweliksmaats word beskryf as mense met goeie waardes en as goeie vriende. Hulle is ook sensitiewe introverte wat eerder konflik vermy.

-Verhouding met familie:

Opvoeding en waardes geleer in ouerhuis dra by tot probleemgedrag. Sosialiseringsmetodes geleer in ouerhuis onvanpas in vriendekring.

-Verhouding met vriende:

Vriende se sukses verhoog dringendheid om ook te presteer.

Misbruik deur sogenaamde vriende.

-Verhouding met kinders:

Wil in al kinders se behoeftes voorsien,



UNIVERSITY
JOHANNESBURG

	<p>sodat hulle nie by ander kinders goed vat nie.</p> <p>-Verhouding met God: Bly 'n gelowige ten spyte van wandade. Blameer Satan vir misstappe.</p>
<p>Bank omgewing</p>	<p>-Verhoudinge met direkte bestuur is positief of negatief.</p> <p>-Ervaar bestuur as nalatig.</p> <p>-Plaas druk op respondente om te presteer.</p> <p>-Bestuur nie in voeling met wat op die vloere gebeur nie.</p> <p>-Het dubbelstandaarde.</p> <p>-Heg nie waarde aan werknemers se opinie nie.</p>
<p>Geleentheid</p>	<p>-Misdad kan net gebeur as die geleentheid</p>

	<p>daartoe bestaan.</p> <p>-Verskillende benaderings tot geleentheid: gebruik dit net omdat dit daar is of as laaste uitweg in probleemsituasie.</p> <p>-Geleentheid is die resultaat van vertroue in die oortreder.</p> <p>-Misdad ook die gevolg van gebrek aan ander geleenthede om probleem op te los.</p> <p>-Nie alle geleenthede word benut nie.</p>
--	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

3.6 SAMEVATTING

Die navorser het die ondersoek gedoen met witboordjiemisdadigers wat hul misdade gepleeg het in 'n Suid-Afrikaanse bank, en wat nou in 'n Gauteng gevangenis is. Dit is 'n spesifieke groep witboordjiemisdadigers.

Die studie is gedoen vanuit die sosiaal-konstruksionistiese perspektief. Die doel hiervan was om te bepaal wat die respondente se persepsie van die ekosisteme in

hulle lewens was voor en tydens die pleeg van hul misdade, en om vas te stel watter ekosisteme het 'n rol gespeel in die veroorsaking en instandhouding van die misdaad.

Die ekosisteme wat geïdentifiseer is as sisteme wat 'n rol gespeel het vir die respondente is die individu, die bankomgewing en geleentheid (as element van al die sisteme).

In Hoofstuk 4 word die veroorsaking van witboordjiemisdad bespreek vanuit die literatuur.



HOOFSTUK 4

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD: 'N BESPREKING VANUIT DIE LITERATUUR

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is die ekosisteme soos geïdentifiseer deur die respondente uiteengesit. Dit was met ander woorde 'n manier om hulle 'storie te vertel'.

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van hoofstuk 3 met die literatuur hieroor vergelyk. Die bespreking word gedoen aan die hand van die struktuur soos uiteengesit in hoofstuk 3. Eerstens word die individu bespreek (gedrag, emosie en verhoudinge), daarna die bank as werkplek gevolg deur 'n bespreking van geleentheid en die patrone wat geïdentifiseer is.

4.2 DIE INDIVIDU

Coleman (1985:195) noem dat persoonlike patologie nie 'n rol speel nie omdat witboordjiemisdadigers inderdaad psigologies normaal is. Met ander woorde, hulle toon nie simptome van psigiatrisiese afwykings nie, byvoorbeeld hallusinasies, neurotiese konvulsies, ensovoorts. Dit beteken egter nie dat persoonlikheidsstruktuur geen rol speel nie.

Die navorser bespreek vervolgens die gedrag, emosies en verhoudinge soos weergegee deur die respondente aan die hand van literatuur hieroor.

4.2.1 GEDRAG

Die respondente noem dat hulle goeie betroubare werkers was voor en selfs tydens die pleeg van die misdade. Hulle is vertrou deur hul kollegas en seniors.

Die oortreder beklee dikwels 'n goeie posisie in die organisasie en word vertrou. Hulle is ook gewoonlik baie intelligent, beskaaf en ordentlik (veral diegene op bestuursvlakke) en kom goed oor die weg met ander (Esterhuyse, 1995:85).

Volgens Thio (1988:437) word die oortreder nie deur hom-/haarself of ander mense as 'n krimineel beskou nie maar bly dikwels 'n gerespekteerde lid van die samelewing. Dit is deels die gevolg van die samelewing se toelating daarvan en deels as gevolg van die oortreder se rasionalisering oor die misdaad.

Murphy (1993:33) noem dat 'n mate van rigiditeit kan voorkom by witboordjie-misdadigers en dit kan die vorm aanneem van byvoorbeeld hardkoppigheid, onafhanklikheid en 'n gebrek aan tegemoetkoming. Dit kan ook by witboordjie oortreders as sogenaamde 'goeie' werknemers voorkom.

4.2.2 EMOSIES

Die respondente ervaar verskillende negatiewe emosies, wat ook bydra tot die pleeg van die misdaad en dan 'n gevolg daarvan word. Die meerderheid van die ander respondente het vrees, angste en skuldgevoelens ervaar tydens en na die pleeg van die misdaad.

Hoe het 'n negatiewe emosie daartoe bygedra dat die misdaad gepleeg is? Volgens Coleman (1985:198) is die emosie en gedrag 'n uitvloeisel van die persoon se konstruksie van realiteit; die wyse waarop hy sy situasie interpreteer gee aanleiding tot sy emosie oor die saak. As iemand dus byvoorbeeld sy eie prestasie hoog op prys stel en hy ervaar dat hy besig is om tekort te skiet kan hy vrees dat hy te lig bevind sal word en waarskynlik stappe neem om dit te vermy.

Volgens Thio (1988:438) blyk daar empiriese bewys te wees dat daar 'n gebrek aan skuldgevoelens by die witboordjiemisdadigers is. Dit is in kontras met die geverbaliseerde ervaring van die respondente. Die navorser is van opinie dat die respondente moontlik skuld met spyt kan verwar, aangesien beide berou oor die daad impliseer, maar vir verskillende redes.

4.2.3 VERHOUDINGE

Die respondente noem dat hulle daarvan hou om ander mense gelukkig te maak, selfs ten koste van hulself. Hulle sal ook eerder konflik vermy en sukkel om

selfhandhawend te wees. In die literatuur word witboordjiemisdadigers beskryf as mense wat egosentries, roekeloos, ambisieus en anti-sosiaal is (Murphy 1985:33). Dit is dus moontlik dat die 'selflose' gedrag die gevolg van selfsugtige redes is. Dit kan egter ook wees omdat hulle werklik 'n behoefte aan erkenning het.

Hulle het min of geen vriende nie, en is nie werklik betrokke by die groter gemeenskap nie. Murphy (1985:33) beaam dat hulle nie werklik betekenisvolle verbintenisse met die gemeenskap het nie.

Die betekenisvolle ander rolspelers in die lewens van die oortreders voor en tydens die pleeg van die misdaad is die eggenoot/eggenote van die respondente, hul familie, kinders, vriende en God. Volgens die respondente het hul eggenoot/eggenote, vriende, familie en kinders nie een geweet van die misdaad tot nadat dit gepleeg is nie. In (veral) dié tyd was die verhoudinge tussen die respondente en die ander partye negatief.

Die respondente se huweliksmaats word deur die respondente beskryf as goeie mense met goeie waardes. Dit kom voor asof hulle (die huweliksmaats) ook, soos die respondente, sensitiewe introverte is, wat eerder konflik vermy. Newcomb (1961) in Baron & Byrne (1987:202) noem dat stabiele interpersoonlike verhoudinge ontwikkel tussen mense wat oor heelwat aspekte saamstem. Hoe meer

mense met mekaar saamstem, hoe eerder sal hulle tot mekaar aangetrokke voel en met mekaar assosieer.

Die respondente reken egter hul motivering om die misdaad te pleeg ten minste gedeeltelik toegeskryf kan word aan hierdie rolspelers in hul lewens:

- ◇ Een respondent noem dat as haar eggenoot haar beter behandel het, sou sy nie met 'n derde party 'n verhouding aangeknoop het en gevolglik sou sy ook nie saam met hom gaan dobbel het nie. Derhalwe sou sy nie nodig gehad het om die misdaad te pleeg nie.
- ◇ 'n Ander vroulike respondent blameer haar man vir die voortsetting van die misdaad. Sy voel dat hy haar moes gekeer het en in plaas daarvan het hy haar aangemoedig om nog geld te vat. Esterhuyse (1995:18) sê dat sommige kantoorskelms die misdaad pleeg as 'n soort sakepraktyk en hulle word soms deur hul vriende en familie hierin ondersteun. Hulle moet net nie uitgevang word nie.
- ◇ 'n Manlike respondent noem dat die waardes wat hy as kind aangeleer het 'n groot effek gehad het op sy loopbaankeuse, sy konflikthanteringsvaardighede en sy persepsies oor sukses en prestasie.

- ◇ 'n Manlike respondent is van mening dat sy vriende se sukses by hom die dringendheid vererger het om self meer suksesvol te wees. Hy het die misdaad gepleeg omdat sy status in gedrang was. Coleman (1985:210) sê dat witboordjemisdaad die gevolg is van die kultuur van kapitalisme. Die kapitalistiese kultuur moedig kompetisie aan; welvaart en sukses is die kern doelwitte van die mens se ekonomiese aktiwiteite. Kompetisie word beskou as iets wat karakter en uithouvermoë bou.

- ◇ Nog 'n vroulike respondent wou voorkom dat haar kinders ander kinders se goed 'vat'. Sy het dus die misdaad gepleeg sodat sy genoeg geld gehad het om in al hulle behoeftes te kon voorsien.

- ◇ Twee van die respondente sê dat Satan se wil op daardie stadium van hul lewens sterker was, en dat hy die oorhand gehad het.

Ten einde die bogenoemde opmerkings te verklaar verwys die student na Coleman (1985) se teorie oor die veroorsaking van witboordjemisdaad. Hiervolgens is witboordjemisdaad die gevolg van die motivering daartoe en die geleentheid daarvoor. Die motivering daartoe is deels die resultaat van die individu se konstruksie van realiteit en sy vermoë om te rasionaliseer oor die misdaad (Coleman 1985:198).

Rasionalisering of neutralisering, aldus Sykes & Matza in Coleman (1985:206) is 'n metode wat individue in staat stel om belangrike normatiewe standarde te verontagsaam, maar die definiëring van hulself as krimineel te neutraliseer - byvoorbeeld wanneer die oortreder vir homself sê hy leen net die geld en sal dit spoedig weer terugbetaal.

4.3 DIE BANKOMGEWING

Die respondente in die studie het verskillende belewenisse gehad van hul bestuurders. Sommige het hul bestuurders beleef as mense wat vertroue in hulle (respondente) gehad het. Hulle was ook empaties en ondersteunend. Ander respondente het hul bestuurders beleef as onbetrokke en manipulerend. Hulle het erkenning gegee aan personeel wat ekstrovert en sosiaal was en nie aan die stiller (dikwels meer konsensieuse) werkers nie.

Die bestuurders in 'n organisasie speel 'n belangrike rol in die vorming van die werknemers se persepsie van realiteit. Volgens Coleman (1985:216) word werknemers geregleer deur werksituasies te definiëer, voorskrifte te gee oor wat gedoen moet word, definieer hoe belangrik sekere take/uitsette is, wat die maatskappy se doelwitte is en hoe dit bereik moet word, wat gepaste reaksies is in spesifieke situasies, en op watter omgewingsaspekte om te fokus en watter om te ignoreer.

Van die respondente voel dat hul bestuurders nalatig was. As hulle die respondente se werk nagagaan het sou daar minder ruimte gewees het vir die misdaad. Hierdie redenasie is weereens 'n konstruksie van hulle eie realiteit en rasionalisering oor hul eie misdaad (Coleman 1985:189). Hulle misdaad is in hulle opinie deels die verantwoordelikheid van die bestuurders.

In die sosiale opset van die moderne maatskappy, word toewyding aan die maatskappy en konformering aan senior personeel se wense as krities vir sukses beskou (Coleman 1985:213). Volgens die respondente was die bestuur nie in voeling met wat werklik in die werkplek aangaan nie. Gevolglik stel hulle onredelike eise en het te hoë verwagtinge van die personeel. Hulle het ook nie seker gemaak dat daar 'n goeie passing is tussen die eise van die pos en die eienskappe van die individu nie en die opinie van die individu maak nie vir hulle werklik saak nie.

Die respondent het gevrees dat hy oorgesien gaan word vir bevordering en nie erkenning sal kry nie. Dit is dikwels net so 'n groot bedreiging vir 'n prestasiegeoriënteerde mens as die vrees vir ontslag (Coleman 1985:213).

Volgens Thio (1987:430) word korttermynsukses in die korporatiewe sektor beklemtoon, wat dit makliker maak om langtermyn implikasies van keuses te ignoreer.

Dit het ook vir sommige van die respondente voorgekom asof daar dubbelstandaarde in die werkplek is. Die ethos van die maatskappy vorm die morele 'bewussyn' van die werknemers, veral die in bestuursposisies. Die algemene persepsie is dat die etiese atmosfeer in die organisasie deur die topbestuur bepaal word, maar die etiek en die verwysingsraamwerk van diegene in magposisies word gevorm deur dieselfde proses van sosialisering. Bevordering na die hoogste poste vereis dikwels 'n veel hoër mate van konformering as wat verwag word van laer-vlak werknemers (Coleman, 1985:214).

4.4 GELEENTHEDE

Norton (1994:5) spesifiseer dat die misdaad slegs kan plaasvind as 'n geleentheid daartoe bestaan, ongeag hoe sterk die motivering is om die misdaad te pleeg.

Faktore wat bydra tot die skep van geleentede (Coleman, 1985:218-224):

- ◇ Die definisie van misdaad volgens die wet/regstelsel;
- ◇ Kapitalisme;
- ◇ Tegnologiese ontwikkeling;
- ◇ Die aard van die beroep;
- ◇ Rasionaliseringsmoontlikhede;
- ◇ Finansiële vertroue wat in die persoon geplaas word;
- ◇ Kultuur (byvoorbeeld kultuur en subkultuur in die werkplek).

Coleman (1985:217) beskryf 'n geleentheid as 'n moontlike gedragsopsie wat ons in staat kan stel om te doen wat ons graag wil doen. Baron & Byrne (1987:189) noem ook dat die waarskynlikheid dat die misdaad gepleeg sal word toeneem as daar ~

- 'n lae risiko bestaan dat die oortreder uitgevang sal word;
- slegs middelmatige straf verwag kan word;
- potensieel baie gewin bestaan in die situasie.

Geleentheid is die gevolg van die posisie wat die respondent beklee en die vertroue wat gevolglik in die persoon gestel word. Shapiro (1990:362) sê dat ons verby die witboordjieoortreder en sy eienskappe moet kyk na die komplekse wyse waarop die persoon se plek in die samelewing (rol, posisie, ensovoorts) bydra tot die skep van geleenthede om die misdaad te pleeg, asook hoe dit die sosiale beheermeganismes beïnvloed.

Die misdade is ook die gevolg van ander geleenthede (bo en behalwe die misdaadopsie) wat nie beskikbaar was nie, oftewel die repondente se persepsie dat dit die geval was. Die respondente het nie al die geleenthede gebruik wat tot hul beskikking was nie.

4.5 BESPREKING VAN DIE GEÏDENTIFISEERDE PATRONE

Die geïdentifiseerde patrone word aan die einde van hoofstuk 3 volledig bespreek, maar in kort kan die verskil tussen patroon A en patroon B soos volg verduidelik word.

By patroon A kies die respondent die misdaad omdat dit vir hom lyk na die beste gedragsopsie/geleentheid om sy/haar probleemsituasie op te los, terwyl die respondent by patroon B bloot die geleentheid gebruik omdat dit wel beskikbaar is (maar nie alle beskikbare opsies word benut nie).

Dit kom met ander woorde voor asof die patroon A oortreder nie die misdaad in sy alledaagse, normale, krisislose funksionering sou oorweeg het nie. Die geleentheid word slegs benut wanneer daar oënskynlik 'n gebrek aan beter opsies is. Coleman (1985:207) verwys na Cressey volgens wie daar drie elemente nodig is vir geldverduistering:

- ◊ Die oortreder moet voel dat hy/sy 'n finansiële probleem het wat nie werklik met ander mense bespreek kan word nie.
- ◊ Die oortreder moet die geleentheid en die nodige kennis hê om die misdaad te kan pleeg.
- ◊ Hy/sy moet die nodige rasionalisering kan toepas om die gaping tussen die samelewing se normatiewe standaarde en hul dade te oorbrug.

Hierdie probleme wat die respondent ervaar kan vergelyk word met dit waarna Germain & Gitterman (1997:816) verwys as lewensstressors. Dit is probleme wat meer as die individu se beskikbare bronne (persoonlik en omgewingsbronne) vereis om te hanteer.

By patroon B kom dit voor asof daar nie 'n identifiseerbare probleem by die respondente was nie. Die redes wat hulle aanvoer is rasionaliserings soos 'Satan se wil was sterker,' of: 'Ek moes in my kinders se behoeftes voorsien, want ek wil nie hê hulle moet by ander kinders steel nie.'

4.6 SAMEVATTING

In dié hoofstuk is die waarnemings wat gemaak is by die respondente vergelyk met beskikbare data daaroor. Die meeste van die waarnemings kon vanuit die teorie bevestig word. Daar is egter byvoorbeeld nie duidelike beskrywings van witboordjiemisdadigers as mense wat dit geniet om ander gelukkig te hou nie en geen beskikbare data wat die 'tipiese' witboordjiemisdadiger se huwelik en/of lewensmaat beskryf nie.

In hoofstuk 5 word die tersaaklike gevolgtrekkings en aanbevelings uiteengesit.

HOOFSTUK 5

EKOSISTEMIESE INVLOEDE OP WITBOORDJIEMISDAAD: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die bevindinge vergelyk met beskikbare literatuur hieroor. Die meeste van die bevindinge kon bevestig word vanuit die literatuur, alhoewel daar oor sekere aspekte nog nie duidelike verklarings/beskrywings in die literatuur bestaan nie.

5.2 GEVOLGTREKKINGS



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Deur te sê dat witboordjiemisdad (soos ander misdade) bloot die gevolg is van die geleentheid daartoe en die eienskappe van die individu, word die verskynsel oor-vereenvoudig en die begrip daarvan gereduseer. Beide die individu en die geleentheid wat beskikbaar is vir hom om die misdad te pleeg is gevolge van die komplekse interaksie en dinamika van verskillende ekosisteme waarbinne die individu funksioneer en waarmee hy in aanraking kom.

Al die ekosisteme (veral die bankomgewing) waarbinne die respondente funksioneer het en die ekosisteme waarmee hulle in interaksie was, sowel as die

individue se eie funksionering as ekosisteme, het bygedra tot die realiteitspersepsie wat elk van hulle gehad het. Die mense, idees, maniere van doen, assosiasies ensovoorts waaraan die individu blootgestel was in die sosiale uitruilings met die verskillende ekosisteme het sy/haar persepsie van realiteit gevorm wat weer sy/haar gedrag bepaal het.

Die verklarings wat die oortreders gee vir die feit dat hulle die misdaad gepleeg het is dus die interpretasie van realiteit wat hulle self skep in die loop van hul interaksie met ander ekosisteme. Dit stel hulle in staat om te rasionaliseer oor die realiteitskonstruksies wat nie vir die groter gemeenskap aanvaarbaar sal wees nie.

Die feit dat hulle hul eie realiteit skep maak dit egter nie minder waar of eg nie. Vanuit die sosiaal-konstruksionistiese benadering beskou, is dit hoe realiteit gevorm word.

Die ekosisteme waarbinne die oortreder beweeg en dié waarmee hy/sy in interaksie is, verskaf verder aan hom/haar die gedragsopsie/geleentheid om die misdaad te pleeg. Dit is veral die bankomgewing en die ekosisteme daarbinne, en die rol wat die oortreder toegelaat word om te vervul in hierdie omgewing, waar die geleenthede tot misdaad voorkom.

Die geleentheid is 'n gedragsopsie wat die individu selekteer omdat dit beskikbaar is. Dit vergelyk ook goed met ander gedragsopsies in terme van moontlike uitkoms, asook die gepaardgaande emosie.

Verskillende patrone is waarneembaar in die benutting van geleentheid: Sommige gebruik dit bloot omdat dit beskikbaar is en ander gebruik dit as die beste uitweg in die hantering van 'n ernstige probleemsituasie.

Dus, ten einde die bankwerknemer as potensiële witboordjiemisdadiger daarvan te weerhou om witboordjiemisdaad te pleeg moet sy perspesies oor die geleentheid en die benutting daarvan beïnvloed word deur eerstens sy omgewing (en ekosisteme) hieroor te beïnvloed.



5.3 AANBEVELINGS

Maatskaplike werkers kan die aanbevelings ingedagte hou wanneer hulle te doen het met witboordjiemisdaad. Dit kan van waarde wees in 'n verskeidenheid van beradingssituasies byvoorbeeld in rehabilitasie van die oortreder, huweliksberaad waar die huwelik ge-afekteer is deur witboordjiemisdaad, in die bedryf waar voorkomende werk gedoen kan word ensovoorts.

5.3.1 GEDRAG VAN DIE INDIVIDU

- ◊ Hou in gedagte dat witboordjiemisdadigers nie noodwendig as sulks identifiseerbaar is nie. Hulle is gewoonlik gerespekteerde individue, goeie werknemers, wat vertrou word deur hul bestuur en kollegas.
- ◊ Elke werknemer is dus 'n potensiële witboordjiemisdadiger; daarom is dit nodig om die omgewing, eerder as die individue, te bestuur/beïnvloed.

5.3.2 EMOSIES VAN DIE INDIVIDU

- ◊ Die voorkoms van skuldgevoelens en angs kan gebruik om witboordjiemisdaad te bekamp. Beklemtoon die impak van die misdaad op die oortreder (die angs, vrees om uitgevang te word, spanning wat verhoudings met geliefdes benadeel en lewenskwaliteit verlaag, die effek op kollegas en die maatskappy, die vernedering wanneer jy uitgevang word, die verlies van selfrespek en respek in die oë van ander). Verhoog die waargenome persepsie van negatiewe gevolge van die misdaad en verhoog die waargenome persepsie van risiko om uitgevang te word indien die misdaad gepleeg word.
- ◊ Bestuur moet daarop let om nie onredelike eise aan werknemers te stel nie. Doelwitte moet uitdagend maar nie onbereikbaar wees nie. Dit voorkom dat werknemers witboordjiemisdaad uit desperaatheid (vrees) sal beskou as 'n metode om aan die verwagtinge van seniors te voldoen.

5.3.3 VERHOUDINGE

- ◇ Die persoonlike ontwikkeling van personeel is noodsaaklik – veral hulle verhoudingsvaardighede. Ontwikkel hul selfhandhawingsvaardighede, die vermoë om konflik te hanteer, hulle selfvertroue en selfagting. Verbreed hul insig in die dinamika tussen mense en leer hulle hoe om goeie kommunikeerders te wees. In hierdie verband kan veral meer senior personeel se vaardighede 'n groot effek uitoefen op die werkomgewing en op die kultuur daarvan.
- ◇ Maak personeel betrokke by die groter gemeenskap, hetsy die bank-gemeenskap of die gemeenskap buite die bankomgewing. Kweek 'n sin van verantwoordelikheid vir en versorging van meer as net die mense in die werknemer se onmiddellike werk- en persoonlike omgewing.
- ◇ Moedig personeel aan om mekaar werklik te leer ken. Veral bestuurslede moet bewus gemaak word van die waarde daarvan om werklik hul personeel goed te ken. Dit skep informele steunstelsels wat personeel minder geïsoleerd laat voel. Dialoog maak ruimte vir die skep van betekenis (April, 1997:819).

5.3.4 GELEENTHEDE

- ◇ Ten einde die geleentheid en die benutting daarvan binne die bankomgewing te verminder is daar reeds (hoofsaaklik tegniese) risiko-bestuur meganismes in plek gestel, soos byvoorbeeld die nagaan van transaksies, ouditering, ensovoorts. Geleentede tot die pleeg van witboordjiemisdaad gaan egter altyd binne hierdie tipe organisasie bestaan.

- ◇ Bevorder personeel se vertroue in bestuur deur byvoorbeeld die volgende stappe te neem:
 - Behandel alle personeel dieselfde.
 - Moet geen dubbelstandaarde duld nie.
 - Wees deursigtig in die bestuur van die organisasie.
 - Werklik betekenisvolle kommunikasie met personeel.

5.4 SLOT

Elke witboordjiemisdadiger is uniek en het 'n unieke ekosistemiese dinamika wat aanleiding gee tot die pleeg en instandhouding van die misdaad. Ons funksioneer nie in isolasie nie en beïnvloed mekaar deurentyd. Juis in hierdie dinamika lê die geleentheid om die voorkoms van die misdaad te verminder. Die omvang van die invloed van hierdie ekosisteme word bepaal deur die energie en samewerking van

soveel as moontlik van die ekosisteme (veral die binne die bankomgewing). Die energie en samewerking word weer gegenereer in die interaksie en dialoog wat in en tussen die verskillende ekosisteme plaasvind. Dit is hier waar die fokus geplaas moet word.



RAAMWERK VIR DIE ONDERHOUD

1. Die respondente word eerstens ge-oriënteer ten opsigte van die doel, metode, implikasies en vertroulikheid van die onderhoud, die audio-opname wat gaan plaasvind en die respondent se vryheid van keuse.
2. Die aanvanklike vrae in die onderhoud moet nie-bedreigend wees. Dit is hoofsaaklik biografiese inligting wat kan dien as agtergrond inligting. Dit is ook inleidend tot die res van die onderhoud.

Spesifieke inligting kan gevra word oor huwelikstatus; kinders; eggenoot; ouderdomme van almal in gesin; loopbaan geskiedenis; aard van respondent se funksie in bank; die aard, frekwensie en omvang van die misdaad.

Ter wille van welwillendheid en bevordering van vertroue in die verhouding tussen navorser en respondente kan die navorser op die stadium meer persoonlike sake aanraak soos byvoorbeeld die belewenis van gevangenisstraf of die welstand van die kinders.


3. Na die aanvanklike insameling van 'oppervlakkige inligting' kan die fokus na die respondente se persoonlike belewenis van die ekosisteme in sy / haar lewe en die

invloed wat dit gehad het op sy / haar lewe. Fokus die vrae meer op die respondent en hoe die respondent se lewe ingerig was byvoorbeeld:

- Verduidelik vir my hoe 'n tipiese werkdag / naweek en week in jou lewe daar uitgesien het voor en tydens die pleeg van die misdaad.
- Saam met wie het jy die meeste tyd deurgebring by die werk, na werk, oor naweke?

Dit respondent moet die ekosisteme, soos wat hy / sy dit identifiseer, beskryf .

Stel vas wat die impak en rol van die geïdentifiseerde persoon / persone / entiteite in die lewe van die respondent was. Vrae soos die volgende kan gevra word:

- 
- Wie, in jou opinie, het jou lewe die meeste beïnvloed?
 - Hoe het die persoon / persone / entiteite jou beïnvloed?
 - Vertel my meer van jou verhouding met _____.
 - Hoekom was dit vir jou belangrik om tyd deur te bring saam met _____?

4. Sluit die onderhoud af met 'n samevatting van die belangrikste punte soos uitgelig deur die respondent. Die respondent kry ook geleentheid om enigiets verder wat hy / sy op die hart mag te hê te verbaliseer. Bedank die respondent vir sy / haar deelname.

BRONNELYS

April, K.A., 1998. Leading through conversation, communication and dialogue. PEOPLE DYNAMICS, November/December: 74-79.

Anderson, H., Goolishian, H.A., 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. FAMILY PROCESS 27, 371-393.

Barker, R.L., 1997. THE SOCIAL WORK DICTIONARY. Washington: NASW Press.

Baron, R.A., Byrne, D., 1987. SOCIAL PSYCHOLOGY: UNDERSTANDING HUMAN INTERACTION. Massachusetts: Allyn & Bacon Inc

Collins, J.M.; Schmidt, F.L. 1993. Personality, integrity and white-collar crime. PERSONNEL PSYCHOLOGY 46(2), 295-311.

Coleman, J. 1985. The criminal elite. THE SOCIOLOGY OF WHITE-COLLAR CRIME. New York: St. Martin's Press.

Cresswell, J.W. 1994. RESEARCH DESIGN: QUALITATIVE AND QUANTATIVE APPROACHES. Sage: London.

Croall, H. 1994. WHITE-COLLAR CRIME. Open university press: Buckingham.

- Esterhuyse, W. 1995. Skelms met kultuur. FINANSIES EN TEGNIEK, Augustus 11.
- Gergen, K.J. 1985. The social constructions movement in modern psychology. AMERICAN PSYCHOLOGY 40(3), 266-278.
- Germain, C.B., Gitterman, A., 1997. Ecological perspective. ENCYCLOPAEDIA OF SOCIAL WORK, 19th Edition. Washington: NASW Press.
- Hamilton, C.R. 1995. THE NARRATIVES OF GAY MEN REGARDING THE TESTING FOR THE HUMAN IMMUNO-DEFICIENCY VIRUS: A SOCIAL CONSTRUCTIONIST PERSPECTIVE. Master of arts dissertation in clinical psychology.
- Hay, D.C. 1985. THE RETURN OF GRAND THEORY TO THE HUMAN SCIENCES. Cambridge: Cambridge University.
- Kerlinger, F.N. 1986. FOUNDATIONS OF BEHAVIOR RESEARCH. Chicago: Holt, Rinehart and Winston.
- Krefting, L. 1991. Rigor in Qualitative research. AMERICAN JOURNAL OF OCCUPATIONAL THERAPY 45(3), March 214-222.
- Magee, B. 1988. THE GREAT PHILOSOPHERS, AN INTRODUCTION TO WESTERN PHILOSOPHY. Oxford: University Press Oxford.



Mouton, J., Marais, H.C. 1988. METODOLOGIE VAN GEESTESWETENSKAPPE – BASIESE BEGRIPPE. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

McCracken, G. 1988. THE LONG INTERVIEW: QUALITATIVE RESEARCH METHODS. Newbury Park: Sage.

Murphy, K.R. 1993. HONESTY IN THE WORKPLACE. California: Brooks Cole Publishing Company.

Norton, J.J. 1994. BANKS, FRAUD AND CRIME. London: Lloyds of London.

Okun, B.F. 1987. EFFECTIVE HELPING. California: Brooks Cole.

Outhwaite, W. 1987. NEW PHILOSOPHIES OF SOCIAL SCIENCE, REALISM, HERMEUTICS AND CRITICAL THEORY. MacMillan Education, London.

Schoeman, H.P., Botha, D. 1991. Regverdiging van kwalitatiewe navorsing in maatskaplike werk. DIE MAATSKAPLIKE WERK NAVORSER-PRAKTISYN. September (4).

Shapiro, S. 1990. Collaring the crime, not the criminal: reconsidering the concept of white-collar crime. AMERICAN SOCIOLOGICAL REVIEW, Vol 55 (June 1990) 346-365

Skinner, Q. 1985. Introduction: the return of grand theory, in Skinner, Q. (Red). THE RETURN OF GRAND THEORY IN HUMAN SCIENCES. Cambridge: Cambridge University Press.

Thio, A. 1988. DEVIANT BEHAVIOR. Harper & Row Publishers: New York.

Tyler, K. 1996. Systems thinking and ecosystemic psychology. EDUCATIONAL PSYCHOLOGY 16(1).

Uys, H.H.M. Basson, A.A. 1991. NAVORSINGSMETODOLOGIE IN DIE VERPLEEGKUNDE. Pretoria: HAUM.

Wilson, H.F. 1989. RESEARCH IN NURSING. California: Addison Wesley.

